DIE Rissiepit
2025
Middelburg Hoërskool Rotsvas sedert 1918
www.middies.co.za



*Middelburg High School's U.15A netball team placed second in South Africa. In the photo, from left to right are Erika Karsten, Chris-Deen Prinsloo, Shannon Mhlongo, Bontle Masilela, Lichanté van Zyl, Lungile Mokwena, Lienke Mulder, Hestie Wheeler, Angel Sibiya and coach Zelna Venter.*

# National silver for Middies netball

**Siyamthanda Simelane**



The 2025 netball season at Middelburg Hoërskool has been nothing short of extraordinary, marked by commitment, teamwork, and remarkable growth across all teams and coaching staff. From preseason training and MSSI sessions in preparation for the NWU Super 16 Sports Series, to the final matches of the SA Fast 5 Championships, every team represented Middelburg Hoërskool with pride and achieved outstanding results.

The season began with the NWU Super 16 Sport Series, with our first fixture held on 8 March 2025 against Kempton Park on home courts. Middies netball emerged with 7 wins, 2 losses, and 1 draw across 10 teams. Throughout the series, Middies competed against schools such as Hoërskool Transvalia, Hoërskool Menlopark, and one of our toughest rivals, Hoërskool Nelspruit. Every player displayed excellent teamwork and determination. Our U.15A team claimed 1st place overall, five other teams placed 3rd, and three more finished in the top 10 among 16 highly competitive schools. The tournament provided valuable game time and highlighted key areas for growth, setting a strong foundation for the season ahead.

Middies continued to excel during their league fixtures, taking on schools across the Nkangala District and beyond. A season highlight was undoubtedly the annual Derby against HTS Middelburg on Saturday, 17 May 2025. The girls arrived early, full of energy, and all A-teams won their matches with impressive displays of skill. The first team played the final match of the day, showcasing exceptional teamwork and resilience, and secured a 32–28 victory, helping MHS defend the Netball Derby title for another year. Only two teams were defeated that day.

All 10 Middies teams qualified for the MSN playoffs. The B-teams faced their MSN championships on 13–14 June, enduring two days of intense competition. Despite the challenges, each team demonstrated discipline and growth. Highlights included the U.14 B-team, which defeated Piet Retief in the final to place 5th in Mpumalanga, and the U.15 B-team, which triumphed over Nelspruit 10–3 to claim 1st place in the province. The U.16 B-team placed 3rd, the U.17 B-team finished 2nd, and our Hommels had an incredible season, only losing two games and finishing 1st in both Nkangala and Mpumalanga.

The A-teams competed at HTS Witbank on 20–21 June and achieved further success. The U.14 A-team won four of five games, narrowly finishing 2nd in Mpumalanga after a tense 10–11 final against Hoërskool Nelspruit. The U.15 A-team completed a clean sweep to finish 1st, alongside the U.17 A-team, also crowned champions. All five teams received medals, with U.14A, U.15A, and U.17A progressing to the SA championships.

At the SASN championships, the U.14 and U.17 teams placed 21st and 17th nationally. Meanwhile, the U.15A team, under the guidance of Mrs. Z. Venter, shone at the Kay Motsepe Tournament in Rustenburg (11–16 August 2025), finishing 2nd in South Africa. They dominated pool matches, including a 16-all draw against C & N Sekondêre Meisieskool Oranje, defeated Affies 17–16 in a nail-biting semi-final, and narrowly lost 11–14 to Helpmekaar in the final – an unforgettable conclusion to the first half of the season.

Fast 5 netball followed shortly after. On 29–30 August, Middies hosted their annual Fast 5 Day, where six teams from U.13 to U.18 impressed. MHS Phoenix and Griffons claimed 1st and 2nd, while the "ou tannies", MHS Blitz and Beez, finished 1st and 5th. The teams then competed in the Impivisser Tournament at Hoërskool Ermelo, with Phoenix winning again and Blitz placing 3rd.

The Nkangala District Championships took place on 13 September at HTS Middelburg. Middies dominated the day, winning all fixtures against HTSM, with Phoenix and Blitz winning all their matches. MHS secured 2 first-place, 1 second-place, and 1 third-place finish across various age groups, and five teams advanced to the Mpumalanga Fast 5 playoffs.

At the MSN Fast 5 Championships on 20 September, Middies netball continued to shine. Players demonstrated consistency and resilience, buoyed by enthusiastic parent support. Blitz defeated the Secunda Daisies 22–20 to claim 1st place, and in another thrilling encounter, the Angels narrowly beat Griffons 18–17. Blitz, Phoenix, and Griffons qualified for the National Fast 5 Tournament at EG Jansen on 6–7 October.

The national tournament brought two intense days of competition. Collectively, Middies teams played 15 matches, winning 11 against South Africa's elite netball schools. Despite the pressure of playoffs, MHS Blitz finished 8th nationally, showcasing their skill and tenacity.

The standout story of the season was undoubtedly the U.15 Phoenix team, crowned undefeated South African Schools Fast 5 champions. This talented squad defeated top schools like Paarl Gimnasium and Stellenberg, earning national recognition and bringing immense pride to Middelburg Hoërskool.

Individual achievements also shone, with Asanda Ntuli (U.16) and Thelma Moloi (U.17) making the Top 35 at All Ages and TNC tournaments. Thelma Moloi was selected for the U.17 SA national team, coached by Mrs. Marlie Nel, and competed at the Cossasa Playoffs in Eswatini, where the team placed 2nd.

This outstanding season would not have been possible without the dedication of Middies Netball staff, who nurtured both skill and character in each player. The unwavering support of parents, friends, and the wider MHS community also contributed to the teams' success. With the bar set high, Middies netball looks forward to building on these achievements in the next season with renewed determination and ambition.

# Uit die hoof se kantoor

**JJ Hennop**

Dit is vir my 'n groot voorreg om vanaf April 2025 as die nuwe hoof van hierdie uitmuntende skoolgemeenskap te dien. Van die eerste dag af het ek en my gesin onmiddellik tuis gevoel – iets wat ek met diepe waardering aan die vriendelike personeel, leerders en ouergemeenskap toeskryf. Hier voel 'n mens nie net welkom nie; jy voel deel van 'n familie.

Wat my van die begin af getref het, is hoe elke personeellid nie net sy of haar werk doen nie, maar dit met toewyding, passie en opregte omgee benader. Baie ure word ingesit – en dit word nie altyd raak gesien nie. Ekstra myle word gestap sonder om te vra, en elke beslissing word geneem met die leerders se beste belang in gedagte. Ek is trots om te sê: Middies is die plek waar ek werklik voel ek behoort.

Ons skool se fasiliteite is van uitstaande gehalte, maar nog belangriker: dit is die mense bínne hierdie geboue wat die verskil maak. Dit is 'n vreugde om te sien hoe elke kind deur die skoolhekke stap – vrolik en met 'n gevoel van "ek hoort hier". Middies weet hierdie is die plek vir hulle om te groei, te leer en gelukkig te wees. Hier is 'n ruimte waar almal waarde het en almal 'n plek het.

Hoewel die kantoor besig is en die hoof se stoel soms warm kan raak, is my strewe eenvoudig: mag ons elke dag beter wees as gister. As ons as skoolgemeenskap vriendelikheid, respek, harde werk en deursettingsvermoë bly uitleef, sal ons nie net ons doelwitte bereik nie – ons sal dit oortref.

Mag ons in die toekoms saam bou, saam groei en saam vier. Dankie dat julle my en my gesin met ope arms ontvang het. Ek sien uit na die pad vorentoe.

I wish every Middie joy, happiness and rest during the festive season. We praise and thank our Lord for all the blessings and grace of the past year. All glory to Him!



*Mnr. JJ Hennop.*

## Redakteursbrief

# Droom groot, Middies!

## 'n Jaar van trots, prestasie en herinneringe

**Abigail Cullen**

"The future belongs to those who believe in the beauty of their dreams."
– Eleanor Roosevelt.

Wanneer ek terugkyk op die afgelope jaar, kan ek met sekerheid sê: 2025 was voorwaar 'n onvergeetlike, ongelooflike jaar! As redakteur van *Die Rissiepit* en 'n trotse Middie, was dit vir my 'n groot voorreg en eer om deel te wees van hierdie skool waar passie, trots en prestasie saamvloei om 'n #1 skool te bou waar almal wíl wees.

Middelburg Hoërskool het vanjaar weereens bewys dat drome waar kan word. Ons het uitgestaan in akademie, waar harde werk en toewyding vrugte afgewerp het. Op die kultuurfront het talent en hope kreatiwiteit helder geskyn, en op die sportvelde het Middies bewys dat vasbyt, volharding en spanwerk onoorwinlik is. Elke prestasie, groot of klein, was 'n herinnering dat sukses nie toevallig gebeur nie – dit word verdien.

"Success is not final; failure is not fatal: it is the courage to continue that counts." – Winston Churchill. Hierdie woorde som in 'n neutedop op wat ek gedurende die afgelope jaar by MHS beleef het. Die onbaatsugtige manier waarop onderwysers kinders inspireer en aanmoedig, die moed en ywer waarmee leerders hulle drome met entoesiasme najaag en die fenominale Middie-gees wat almal saambind tot een groot familie!

"You can't buy memories – you have to live them." – Oud-skoolhoof, mnr. Johan Stronkhorst. Dit is presies wat ons hierdie jaar gedoen het – van die saal tot die pawiljoen, van die klaskamers tot die kultuurpodium. Elke oomblik was 'n stukkie goud in die Middie-verhaal.

My wens vir elke Middie is eenvoudig: DROOM GROOT. Laat jou drome jou elke dag inspireer en dryf. Gebruik elke uitdaging as 'n leerervaring, en onthou, elke tree vorentoe, maak nie saak hoe klein nie, bring jou nader aan jou einddoel.

To my fellow Middies – thank you for making this year one to remember. You have shown what true spirit looks like: kind, yet determined and full of life! As we close this chapter, may we carry the valuable lessons, laughter, and friendships with us wherever we go.

Keep believing, keep shining and never stop dreaming, because here at MIDDIES, we don't just wear green and gold, we chase excellence and we create it.



*Rissiepit redakteur 2025: Abigail Cullen*

# Afskeidsboodskap van die hoofleiers 2025: Benjamin Nel en Ulindi de Kock

**Monja Viviers**

Benjamin Nel en Ulindi de Kock was Middelburg Hoërskool se hoofleiers vir 2025. Hulle leierskap was gekenmerk deur nederigheid, toewyding en 'n sterk geloof in God, en hulle het die jaar met passie en verantwoordelikheid gedien.



**Benjamin groet met die volgende woorde:**

Ek skryf vandag hier vir julle met 'n diep hartseer oor een van die moeilikste dinge wat ek hierdie jaar moet doen – om totsiens te sê. Maar eintlik staan ek ook hier met 'n groot trots en 'n massiewe liefde en passie vir hierdie groenskool wat vir die afgelope 5 jaar my tuiste was.

Vandat ek die eerste keer in graad 8 by die hoofgebou ingestap het; vandat ek my eerste Japie gesing het; vandat ek die eerste keer hierdie groen trui en das aangetrek het – tot nou, het hierdie skool en sy mense 'n spesiale plek in my hart gehad, en dit sal vir altyd so bly.

Om hoofseun van hierdie uitstaande skool te kon wees, was meer as net 'n titel. Dit was 'n eer en 'n verantwoordelikheid wat ek altyd sal koester. En nou, met my tyd wat uitloop hier by Middies, wil ek graag net 'n paar gedagtes met julle deel en julle bedank vir die ongelooflike jaar wat ons saam as skool gehad het.

My graad 8-streepmuise, julle het nog vier wonderlike jare wat voor julle lê. Gryp elke geleentheid aan, want voor jy jou oë uitvee, staan jy hier waar ek staan en is jy aan die einde van jou skoolloopbaan. So, met dit gesê, neem deel aan soveel as moontlik dinge wat jy kan. Leef in die oomblik en maak soveel as moontlik herinneringe sodat jy kan terugkyk met liefde, trots en die wete dat jy 'n verskil gemaak het.

Graad 9's, julle is in 'n jaar van belangrike keuses en besluite wat julle moet neem. Droom groot en weet dat God se plan jou verwagtinge sal oortref.

Graad 10's, kry 'n diep trots en liefde vir jou skool. Werk hard op elke plek waar jy jouself bevind en weet dat jy eendag die vrugte daarvan sal pluk.

Graad 11's, julle neem nou by ons oor as seniors van die skool. Weet dat die ander jonger grade julle dophou en na julle opkyk. Wees vir almal 'n goeie voorbeeld om na te streef. Wees vriendelik, maak herinneringe en maak die meeste van jou matriekjaar in 2026. Mag die Here julle as 'n graadgroep seën met wysheid sodat julle die skool na nuwe hoogtes kan lei. Julle matriekjaar gaan 'n hoogtepunt wees! Geniet elke oomblik daarvan.

My matrieks, ons is nou hier. Een van die hoofstukke in ons lewe kom tot 'n einde en binnekort begin 'n nuwe, helder hoofstuk. Dankie vir al ons goeie tye saam as groep. Werk nou hard om jou skoolloopbaan af te sluit op 'n baie goeie en positiewe manier. Vertrou op die Here se plan vir jou lewe en die pad waarop jy gaan stap.

Aan ELKE leerder, baie dankie dat julle my altyd ondersteun en vertrou het in die werk wat julle vir my gegee het. Dankie dat ons 'n MIDDIE-familie kon wees – of ons nou een of honderd keer gepraat het, ek weet elkeen van julle het 'n rol gespeel in hierdie reis. Julle is die hart van ons skool en ek gaan weg met die wete dat dit in goeie hande is.

Mag die Here ELKE MIDDIE-LEERDER seën met guns en insig, en mag Hy altyd by julle wees. Weet dat jy tot alles in staat is deur Hom wat jou krag gee.

Hierdie plek was my alles – die grappe en die kinders se lag wat so deur die stoepe eggo, die gesigte wat stadig maar seker familie geword het, die trots om deel te kan wees. Dit is so vreemd hoe iets soos hierdie wat so eindeloos gevoel het, nou klaar kan wees. Ek sal al die klein herinneringe mis wat eintlik alles beteken het.

Ek wil graag afsluit deur 'n vers by julle te los: Filippense 4:6-9

"Moet oor niks bekommerd wees nie, maar bid oor alles. Vra alles wat julle nodig het van God terwyl julle Hom ook dank vir alles wat Hy doen. En God se vrede sal oor julle harte en gedagtes wag hou omdat julle aan Christus verbonde is." Ten slotte, vul julle gedagtes met alles wat WAAR, EERBAAR, SKOON, SUIWER, LIEFLIK EN LOFWAARDIG is. En leef vervolgens alles wat julle van Jesus geleer, gehoor en gesien het. Dan sal die God wat vrede gee, by julle wees.

Die afgelope vyf jaar was regtig die mees spesiale jare in my lewe en dit was 'n eer om deel te kon wees van 'n familie en van iets groter as net jyself. Ek is regtig baie lief vir hierdie skool en sy mense.

'n Gedagte wat ek altyd diep in my hart sal hou, is:
O Fide Et O Ficio – DEUR GELOOF EN PLIG
VIR ALTYD LEEF EK: GEEL, GROEN EN SWART.

**Ulindi groet met die volgende woorde:**

Vyf jaar.

Dit klink lank, maar die tyd het regtig verbygevlieg. Deur my hoërskoolloopbaan was daar baie hoogte- en laagtepunte – maar ek is dankbaar, want elke oomblik het my iets geleer en my laat groei.

Ek het geleer dat dit oukei is om nie altyd oukei te wees nie. Niemand is perfek nie; ons almal maak foute. Wat saak maak, is om eg te wees – valsheid bring jou nêrens nie.

My identiteit word nie deur my foute, prestasies of mislukkings bepaal nie, maar deur God alleen. Dit is Hy wat sê wie ek is.

Alles hang af van Sy groot genade. Ons dien 'n liefdevolle Vader, Hy is ons toevlug en bron van krag. Daarom kies ek om my vertroue in Hom en Hom alleen te plaas.

Dankie vir hierdie 5 goeie jare. En onthou mnr. Stronkhorst se wyse woorde: "You can't buy memories, you have to live them."



*Benjamin Nel en Ulindi de Kock.*

# Welkom by Middies, mnr. Hennop













*Middelburg Hoërskool se nuwe skoolhoof saam met sy gesin. Op die foto is van links FJ (2 jaar), juf. Michelle, mnr. JJ (Johannes Jakobus) Hennop en Lezeldi (4 jaar).*



**Abigail Cullen**

In just a few short months Mr. Hennop made an incredible impact here at MHS! It is hard to believe that Mr. Hennop only started at Middies this year, because it already feels as if he has been part of the Middies family forever. Sy nederigheid, entoesiasme en passie vir jongmense het ons almal geraak en ons is opgewonde om die die pad saam met ons nuwe hoof te stap. Hier volg 'n paar persoonlike vrae aan mnr. Hennop sodat almal hom beter kan leer ken.

**Waar het Meneer grootgeword en matriek geskryf?**
In Secunda.

**Wat was Meneer se gunstelingvak op skool?**
Lewenswetenskappe.

**Waar en wat het Meneer studeer?**
Onderwys natuurlik, by die PUKKE (Noordwes Universiteit in Potchefstroom).

**Hoekom het Meneer besluit om 'n onderwyser te word?**
Ek is lief vir sport en dit is lekker om 'n verskil in kinders se lewens te maak.

**Wat is die lekkerste herinnering aan Meneer se universiteitsdae?**
Alle koshuisaktiwiteite.

**Waar het Meneer vir juf. Michelle ontmoet en hoe lank is julle al getroud?**
By die skool en ons is al 6 jaar getroud. (Juf. Michelle het so bietjie meer agtergrond gegee en gesê dat hulle albei van Secunda is en dat hulle gesinne mekaar geken het. Toe sy 'n eerstejaar op universiteit was het mnr. Hennop by haar "begin kuier". Hy was toe 'n onderwyser by Secunda Hoërskool. Sy het later ook daar begin werk en hulle is getroud.)

**Mag ons weet hoe oud Meneer is?**
Ja, 39 jaar.

**Waar hou Meneer graag vakansie?**
Die Wildtuin!

**Wat doen Meneer vir ontspanning?**
Ek spandeer graag tyd saam met my vrou en kinders.

**Wat is die laaste boek wat Meneer gelees het?**
Start With Why, geskryf deur Simon Sinek.

**Wat kyk Meneer graag op TV?**
Op die oomblik Yellowstone, alhoewel ek min tyd vir TV het.

**Vir watter rugbyspan skreeu Meneer?**
Daar is net een staat en dis die VRYSTAAT!

**Het Meneer 'n rolmodel?**
Nee, nie regtig nie. Ek probeer om by elke persoon wat my pad kruis, iets te leer om sodoende die beste "ek" te word en te wees.

**By watter ander skole het Meneer skool gehou en watter vak(ke) het Meneer gegee?**
Secunda. Landboubestuur en Geografie.

**In watter bestuursposisie was Meneer by Hoërskool Secunda?**
Adjunkhoof: Sport.

**Meneer se eerste dag hier by MHS het nie volgens plan verloop nie. Wat was Meneer se gedagtes toe niks wou uitwerk tydens Meneer se verwelkoming nie?**
Die geleentheid was baie spesiaal. Al mag dit geklink het of die klankstelsel dalk vervang moet word, het ek net goeie herinnering aan die geleentheid. Ons voel bevoorreg dat 'n hele skool so baie moeite gedoen het om ons (myself, my vrou en my kindertjies) te verwelkom. Die kinders slaap nou nog met hulle beertjies! Baie dankie, Middies.

**What would you describe as the most rewarding part of your journey at MHS so far?**
Even though a journey of this nature is new and challenging, the staff at Middies, learners and parents made us feel welcome as the new "Principal couple". We quickly became part of a diverse community.

**Hoe ervaar Meneer die balans tussen sport, akademie en kultuur hier by MHS?**
Middies handhaaf 'n baie goeie balans en dit is duidelik in die uitslae en prestasie in die klas, sportveld en op die verhoog. Al drie fasette word hard gedryf om te verseker dat niks agterweë bly nie.

**Which cultural event did you enjoy the most and why?**
The choir took my breath away. All my expectations were exceeded with the number of learners who participated as well as their excellent performances and productions.

**Watter sportgeleentheid het Meneer hierdie jaar die meeste geniet en hoekom?**
Beslis die Derby! Almal praat vooraf oor die "Derby", maar glo my, niemand kon my werklik voorberei vir die opwinding en elke aspek wat daarmee saam gaan nie. My verwagtinge is oortref!

**Which new initiatives or changes have you introduced this year, and how did MIDDIES feel about them?**
I haven't changed much yet. It's more about applying the right rules and regulations so that everyone benefits from Middies.

**Watter rol speel tannie Stoffie in Meneer se dag-tot-dag beplanning?**
Tannie Stoffie se koffie maak seker dat die gemoedere in die kantoor goed bly. Sy is altyd vriendelik en maak seker dat die kantoor positief bly.

**Wat was die snaaksste of mees onverwagte ding wat 'n leerder vir Meneer gesê of gevra het?**
'n Seun wat sy meisie tydens saalopening wou vra vir die Matriekafskeid.

**What was the greatest challenge you faced as headmaster of a new school?**
Getting to know each staff member personally takes time and insight. The time factor was challenging. I took over as principal almost halfway through the year. At times it was tough and exciting simultaneously.


**Wat was belangrikste les wat Meneer geleer het gedurende hierdie jaar?**
Eerlikheid is belangrik. Beloftes is nie bevorderlik nie en jou dagboek is nie jou eie nie.

**Wat is volgens Meneer die personeel se sterkste eienskap?**
Omgee!

**Mnr. Stronkhorst het altyd gesê: "You can't buy memories, you have to live them." Wat is die sêding waaraan Meneer geken gaan word?**
"Wees elke dag beter as gister!"

Middelburg Hoërskool wens vir mnr. Hennop en sy gesin net die beste toe. Ons weet dat Middies in veilige hande is en dat ons steeds in geloof en krag sal groei.

# Nuwe gesigte by MHS



**Reinhardt Voges**

In 2025 het vier nuwe personeellede hulle by Middelburg Hoërskool se dinamiese span gevoeg. Mev. Anél Pretorius en mev. Michelle Hennop versterk die Wiskunde-departement, terwyl mev. Chanté Kruger, 'n oud-Middie, haar merk maak in die Afrikaans-departement. Mnr. Neelsie Manuku bou daagliks aan leerders se karakter in die LO-klas en op die atletiekbaan en rugbyveld. Ons het met hulle gesels om te hoor wat hulle van MHS dink, en om die mense agter die witbord beter te leer ken.

**By watter skool was Juffrou/Meneer gewees voor u na MHS gekom het?**
**Mev. Anél:** Hoërskool Lydenburg
**Mev. Michelle:** Hoërskool Secunda
**Mev. Chanté:** Hoërskool Lydenburg
**Mnr. Neelsie:** Hoërskool Hoogenhout

**Waar en wat het Juffrou/Meneer studeer?**
**Mev. Anél:** Tukkies – Onderwys
**Mev. Michelle:** Ek het by Tuks (Universiteit van Pretoria) studeer. B.Ed FET & Senior Phase
**Mev. Chanté:** Ek het Menslike Bewegingskunde studeer en daarna NGOS gedoen, by die Noordwes Universiteit, Potchefstroomkampus
**Mnr. Neelsie:** Ek het Menslike Bewegingskunde en Sielkunde by die Noordwes Universiteit studeer, en daarna my NGOS gedoen by AP Akademie.

**Wou Juffrou/Meneer nog altyd 'n onderwyser geword het?**
**Mev. Anél:** Ja, ek wou!
**Mev. Michelle:** Ja.
**Mev. Chanté:** Nee, ek wou aanvanklik 'n biokinetikus wees.
**Mnr. Neelsie:** Nee.

**Wat is die grootste uitdaging in die onderwys?**
**Mev. Anél:** Admin.
**Mev. Michelle:** Tyd. Dit raak met tye moeilik om jou werk en familietyd te balanseer.
**Mev. Chanté:** Een van die grootste uitdagings in die onderwys is dat mense dikwels dink dit gaan net oor lesgee. In werklikheid verg dit baie administrasie, beplanning en sterk menseverhoudings. Om aan elke leerder se unieke behoeftes te voldoen, terwyl jy steeds alles georganiseerd hou, kan 'n groot uitdaging wees.
**Mnr. Neelsie:** Die feit dat mens nie pakslae mag uitdeel nie. Jy moet mooi dink wat jy vir 'n kind sê.

**Waarna kyk Juffrou/Meneer graag op TV?**
**Mev. Anél:** Ek hou nie van TV kyk nie!
**Mev. Michelle:** Ons kyk baie min TV, maar ek hou van 'n oulike roman of iets soos Chicago PD.
**Mev. Chanté:** Met twee kleuters by die huis kyk ons nie veel TV nie, maar ons mis nie 'n Springbok-rugbywedstryd nie.
**Mnr. Neelsie:** Op die oomblik net sport oor naweke.

**Wat is Juffrou/Meneer se gunstelingrestaurant in Middelburg?**
**Mev. Anél:** Cappuccinos
**Mev. Michelle:** Vra my volgende jaar weer.
**Mev. Chanté:** Ginelli's
**Mnr. Neelsie:** Hennies

**Wat doen Juffrou/Meneer vir ontspanning?**
**Mev. Anél:** Lees, naaldwerk, verf, hekel, luister musiek (lekker hard!).
**Mev. Michelle:** Spandeer tyd saam met my gesin, kyk 'n storie of lees nou en dan 'n boek.
**Mev. Chanté:** Om te oefen is vir my baie ontspannend, want dit help my om my kop skoon te kry en weer nuwe energie te kry.
**Mnr. Neelsie:** Ek probeer maar soveel as moontlik rus.

**Waar hou Juffrou/Meneer graag vakansie?**
**Mev. Anél:** Marloth Park
**Mev. Michelle:** Ons is lief vir die Wildtuin.
**Mev. Chanté:** 'n Hartenbos-vakansie bly maar vir my 'n wenner.
**Mnr. Neelsie:** By die see.

**Wie is Juffrou/Meneer se beste vriendin op die personeel?**
**Mev. Anél:** Juf. Göttsche, juf. MacDonald, mevv. Henning en Klaasen.
**Mev. Michelle:** Daar is 'n klomp oulike personeel wat al vriendinne geword het. Ek is die naaste aan juf. Zelna Venter.
**Mev. Chanté:** Juf. Inge Brewis.
**Mnr. Neelsie:** Ons mans kuier maar met almal.

**Hoe sou Juffrou/Meneer ons skool se unieke gees beskryf vir iemand wat dit vir die eerste keer beleef het?**
**Mev. Anél:** Trots op wat ons doen, veral op die sportveld!
**Mev. Michelle:** MHS is trots.
**Mev. Chanté:** Die skool se gees is vol energie, samehorigheid en trots – jy voel dadelik tuis!

**Wat is hier by MHS wat dit lekkerder maak as Juffrou/Meneer se vorige skool?**
**Mev. Anél:** Sport is net op 'n ander vlak.
**Mev. Michelle:** Die kinders groet, en hier is 'n span mense wat wil groei en elke dag beter wil wees – dit is lekker om nie alleen te droom nie. Die skool kom ook vroeër uit!
**Mev. Chanté:** Ek hou daarvan dat daar hier 'n gevoel van vertroue is – niemand kyk heeltyd oor jou skouer nie, en dit maak die werksatmosfeer baie lekker.
**Mnr. Neelsie:** Ek sal sê *Die Japie* met die verskillende kossoorte as 'n normale "snooping".

**Wat is die mooiste ding wat iemand hierdie jaar vir Juffrou/Meneer by die skool gesê het?**
**Mev. Anél:** "Dankie dat Juffrou die vermoë het om die beste in ons uit te bring."
**Mev. Michelle:** Hulle is bly ek is hier.
**Mev. Chanté:** "Dankie." 'n Klein woordjie met soveel betekenis.
**Mnr. Neelsie:** "Dankie dat jy die kinders so mooi help."

**Som ons skool in drie woorde op.**
**Mev. Anél:** Uniek, warm, vriendelik.
**Mev. Michelle:** "Watch the space."
**Mev. Chanté:** MHS – Middelburg HokkieSkool.
**Mnr. Neelsie:** Die mooiste skool.

**Wat onderskei MHS van ander skole?**
**Mev. Anél:** Ons gee ons alles op die sportveld! En bly nederig.
Middies is vriendelik, help graag, en die mooiste van alles – ken die Here!
**Mev. Michelle:** Ons het 'n baie mooi terrein.
**Mev. Chanté:** Ons skool bied werklik 'n wye verskeidenheid aktiwiteite wat alle leerders in staat stel om 'n plekkie te vind waar hulle voel hulle "hoort". Ons het ook onderwysers wat regtig in leerders se lewens investeer en omgee oor die kind self.
**Mnr. Neelsie:** Die feit dat dit 'n plattelandse skool is met sulke mooi fasiliteite, maak 'n groot verskil.

**Watter boodskap het Juffrou/Meneer vir die leerders by MHS?**
**Mev. Anél:** Bly wie julle is! Bly omgee vir mekaar. Behou julle trots. Kyk ÁLTYD OP!
**Mev. Michelle:** Streef elke dag daarna om jou beste te gee en die tyd te benut! Ons is geseënd met soveel talente en wonderlike geleenthede – neem deel en maak 'n verskil! Saam kan ons soveel dinge bereik! En laastens, maar die belangrikste: hou altyd aan bid, sodat ons volgens God se wil kan leef.
**Mev. Chanté:** Neem deel aan alles wat die skool vir jou bied – moenie 'n suurstofdief wees nie!
**Mnr. Neelsie:** Wees trots op die skool en gebruik elke geleentheid wat jy kry.




*Me. Anel Pretorius.*



*Me. Michelle Hennop.*



*Me. Chanté Kruger.*



*Mnr. Neelsie Manuku.*

# MHS se Hoofleiers vir 2026: De Wet Botha en Tyla Longueira

**Anuschka Pretorius**



MHS verwelkom met trots die nuwe hoofleiers vir 2026: De Wet Botha as hoofseun en Tyla Longueira as hoofdogter. *Die Rissiepit* het met hulle gesels om meer te leer oor wie hulle is, wat hulle inspireer, en hoe hulle van plan is om MHS gedurende die volgende jaar te lei.

**Wat beteken die woord leierskap vir jou?**

**Tyla:** I truly believe that you don't need a badge to be a leader. Anybody can be a leader. True leadership is about influencing and guiding others positively, and opportunities to lead exist in every aspect of life, whether it is on the sports field, in the classroom, in church or among your own group of friends.

**De Wet:** Om goed te doen tot voordeel van ander, en nie van jouself nie.

**What qualities do you have that make you a good leader?**

**Tyla:** I think to be a good leader you need to lead yourself first. I take responsibility for my own actions and self-improvement. I am probably the opposite of what people think a good leader is, as I'm not loud or popular and I'm happy to work quietly in the background and give others a chance to be in the spotlight. I am a quiet leader who brings clarity and calm. I'm a good listener and I have empathy for others. I can, however, be assertive when I need to be.

**De Wet:** Geduldig, hardwerkend, entoesiasties, aanpasbaar en het integriteit.

**Wat is jou doelwitte as hoofleier vir 2026?**

**Tyla:** As head leader, my goal is to lead with passion, service and purpose. I would like to create a school environment where every student feels seen, heard and valued. I know I still have a lot to learn and I may make mistakes, but I'm grateful to be supported by a team of leaders who each contribute their own unique strengths. I would like us to work together and set an example through our actions to show up for others, build a culture where kindness is normal, diversity is celebrated, and teamwork drives everything we do. Together, we can raise the standard and make our school a place we're all proud to belong to.

**De Wet:** Om die skool op die goeie plek te hou waar ons nou reeds is, en om nog daarop te verbeter. Ons wil graag ook 'n nuwe, goeie gees onder volgende jaar se graad 8's kweek om hulle deel te laat voel van iets groter as hulself, sodat hulle daardie gees saam met hulle deur hul hoërskooljare kan dra, die skool kan geniet en trots wees op MHS.

**In which extracurricular activities do you participate and how do you manage to still keep up with your academics?**

**Tyla:** This past year I played 1st team hockey and 1st team squash. I also participated in the indoor hockey league and played golf recreationally. I am currently going to Willow Way three times a week and doing their hybrid classes to keep fit. Sports help me to maintain my marks academically, as I perform better when I'm busy and under pressure. This is not to say that it doesn't come with a lot of hard work and sacrifice.

**De Wet:** Skoolverband: Krieket, hokkie en ekstra klasse. Nie-skoolverband: gholf, padel en visvang. Wanneer daar 'n oop gaatjie in die skedule is, sal ek seker maak om iets te leer; andersins werk ek laat aande ook.

**Wie is jou rolmodel en hoekom?**

**Tyla:** My gran is my role model. She is still old-school and always teaches my brother and me certain "life lessons" and guides us with her love and experience. She shows strength, kindness and wisdom through her actions and always puts others first.

**De Wet:** Roger Federer – ten spyte van sy sukses en beroemdheid bly hy altyd nederig en tree met integriteit op.

**How would you like others to remember you at the end of your matric year?**

**Tyla:** I would like to be remembered as someone who stayed true to herself and her morals and values.

**De Wet:** As 'n persoon wat altyd glimlag, en iemand wat alles doen om die skool te bevoordeel.

**Watter veranderinge wil jy by ons skool sien?**

**Tyla:** Definitely the number of sport tours that occur just before or during exam time. I think there will always be room for improvement when it comes to discipline in the school, but there must still be room for learners to have fun and make memories.

**De Wet:** Dat kinders geesvang nog meer sal geniet.

**What is the best part about being a leader?**

**Tyla:** The best part about being a leader is the friendships, new experiences, and memories you get to make together as a group.

**De Wet:** Om te weet dat jy as leier die vermoë het om die skool te verbeter, asook ander se vertroue in jou.

**Hoekom dink jy is dit nog nodig om 'n leerlingraad by die skool te hê?**

**Tyla:** I think it is still necessary because it teaches those who are elected certain responsibilities, and it helps to build confidence. It gives them an opportunity to not only lead but also to serve. It encourages teamwork, promotes school spirit, and connects students and staff members. Student councils also help to make improvements within the school.

**De Wet:** Om die skakel tussen die leerders en die onderwysers te wees, asook om te help met daaglikse take en beplanning.

**Is there a special girl/boy in your life?**

**Tyla:** I am dating Ula Strydom. He really deserves a medal for putting up with me for the past two years.

**De Wet:** Nee, nie op die oomblik nie.

**Waar hou julle graag vakansie?**

**Tyla:** I love the Garden Route.

**De Wet:** Die Kruger Nasionale Wildtuin of Langebaan in die Wes-Kaap.

**What do you enjoy watching on TV?**

**Tyla:** Smallville.

**De Wet:** Sport.

**In watter laerskool was jy en hoekom het jy besluit om MHS toe te kom?**

**Tyla:** I attended Middelburg Primary School. MHS has always had a reputation for being an excellent school, so it was obviously my first choice when deciding on a high school. My brother also attended MHS.

**De Wet:** Laerskool Middelburg. Ek het meer van die atmosfeer by MHS gehou – ek het meer welkom gevoel.

**What message do you have for the Grade 8s of 2026?**

**Tyla:** High school is an opportunity to start afresh. Stay true to yourself and choose your friends wisely. Who you hang out with will influence how you think about things, the choices and decisions you make, and the person you become. Choose friends who influence you positively and who bring out the best in you.

**De Wet:** Dat hulle elke oomblik van hul hoërskoolloopbaan moet geniet en deelneem aan soveel as moontlik aktiwiteite, want die tyd gaan ongelooflik vinnig verby. Spyt kom regtig te laat.



*Tyla Longueira en De Wet Botha.*

# Leerlingraad vir 2026



***Voor:** Siphiwe Thwala, Abigail Brandmuller, Bontle Mapaila, Robyn-Ann Blackburn, Tyla Longueira, Thelma Moloi, Khabozile Mahlangu, Johanni Möller Danica Meyer, Elfia Buys, Ianthy Moolman en TK Tsotetsi. **Agter:** Emily Reddy, Alyssa Vermaak, Jua Salim, Abigail Cullen, Christi de Bruin, Rozel Kruger, Dané Truter, Elzani de Vaal, Siya Simelane, Leanke Erasmus, Bie van der Merwe, Angela Bokopane en Megan Kruger.*



*Onderhoofleiers Akademie: Abigail Brandmuller en Hugh Pretorius.*



*Onderhoofleiers Bemarking: Jua Salim en Kabelo Mokwana.*



***Voor:** Henog Janse van Vuuren, Bulelani Mcira, Eduan Strydom, Hamzah Loonat, Tjaart Potgieter, Jeandré Cornelius, Luis Ferreira, Miguel Fernandes en Banele Motsa. **Agter:** Buhle Mphahlaza, De Wet Botha, Hugh Pretorius, Lohan Botha, Gerhard Hattingh, Hendré Nel, Gavin Genis, Zac Johnson, Daniël Mokgoatjana en Kabelo Mokwana.*



*Onderhoofleiers Kultuur: Elfia Buys en Miguel Fernandes.*



*Onderhoofleiers Sport: Johanni Moller en Henog Janse van Vuuren.*

# 'n Nuwe baadjie vir tradisie

**Clara Venter**



Dit gons tans in die gange van MHS oor die leierbaadjies wat verander, matriekbaadjies wat wegval en natuurlik ook die groen skoolbaadjies wat deur die res van die skool gedra word. Soms lê die idee van verandering soos 'n berg voor 'n mens. Dalk is dit omdat ons nie die geheelbeeld van die verandering van die baadjies kan visualiseer nie. Maar ironies genoeg is hierdie nuwe baadjie juis 'n terugkeer na tradisie.

Die doel van skooldrag is juis om 'n gevoel van eenheid en inklusiwiteit onder leerders, wat hulle laat voel dat hulle deel is van 'n groter skoolgemeenskap, te skep en te bevorder. Deur 'n uniform te dra word leerders daagliks herinner aan die waardes en tradisies van hulle skool, en kom ons wees eerlik, 'n netjiese baadjie rond enige skooldrag af.

Ek het die voorreg gehad om op 27 Oktober 2025 'n onderhoud met ons skoolhoof, mnr. J.J. Hennop, te voer om meer inligting en insig te kry wat daartoe gelei het dat ons leier- en skoolbaadjies by MHS in 2026 gaan verander. Die volgende vrae is aan hom gestel:

**Kan Meneer vir my verduidelik wat die verandering van die leierbaadjies en die skoolbaadjies behels?**

Ek het in die stoor ingestap en 'n ou groen baadjie met 'n koord gevind. Die eerste ding wat ek gedoen het was om te kyk of die baadjie my pas, maar ongelukkig het dit nie. Ek het die baadjie op 'n hanger geplaas en het begin om vrae te vra oor hierdie spesifieke baadjie. In die baadjie se een sak was 'n nota wat aangedui het dat dit 'n leierbaadjie was en in 1959 aan die skool geskenk is. By navrae oor hoekom die leerders nie baadjies dra nie, is daar aan my verduidelik dat daar blykbaar 'n "stigma" agter die groen baadjies is. Die streepmuisbaadjies was in die verlede die leerders se baadjies. Ek glo en wil hê dat die leerders moet trots wees op hulle skool en soos 'n eenheid vertoon. Dit is juis om hierdie rede waarom ons die streepmuisbaadjies weer terug wil gee aan die leerders en die groen baadjies met die mooi koord aan die leerlingraad. MHS is 107 jaar oud en tradisie is belangrik, daarom wil ons die baadjies terugbring soos wat dit vroeër jare was. Alle graad 8's sal vanaf 2026 verplig wees om 'n skoolbaadjie te dra en sodoende sal die skoolbaadjie van die laer grade af ingefaseer word. Aan die einde van die dag wil ons hê dat ons skool soos 'n eenheid moet lyk en netjies vertoon. Ek dra elke dag my baadjie om aan die leerders te wys dat ons as personeel trots is op ons skool en om 'n voorbeeld te stel.

**Wat was die primêre motivering vir die verandering van die prefekbaadjies en die gedagte dat die hele skool nou streepmuisbaadjies gaan dra?**

Ons wil tradisie skep en dit behou. Die streepmuisbaadjies was oorspronklik deur die leerders gedra en die groen baadjies met die koord deur die leerlingraad. Alles wat ons doen moet vir altyd wees. Ek wil hê dat dieselfde streepmuisbaadjie wat van nou af gedra word deur die leerders oor 30 jaar steeds gedra word.

**Wie se inisiatief was dit om die baadjies te verander en wie het almal 'n rol gespeel in die finale besluit om dit wel te verander?**

Nadat ek die baadjie in die stoor ontdek het en na ons skool se geskiedenis gekyk het, het die gedagte ontstaan om die oorspronklike baadjies weer in plek te stel. Ek het dit met ons senior personeel bespreek en hulle opinie daaroor gevra. Daarna het ek die skool se bestuurspan genader met hierdie idee en almal het ingestem. Ons het toe die klerekomitee gevra hoe dit ons skooldrag gaan beïnvloed. Soos wat ek alreeds gesê het dat, sodra iets verander word, moet dit vir altyd wees. Dit moet 'n ingeligte besluit wees. Ons het eers die water getoets deur die personeel en van ons leerders te vra wat hulle opinie oor die verandering van die baadjies is. Daarna is dit voorgelê aan die Beheerliggaam en is goedkeuring ontvang.

**Is daar 'n opgedateerde embleem?**

Daar is geen verandering aan die embleem nie. Dit is slegs die prefekbaadjies wat na die pragtige groen baadjie met 'n koord verander, en die leerders wat die streepmuisbaadjies kry.

**Aangesien die leierbaadjies as 'n simbool van leierskap is, hoe sal hierdie verandering die status en tradisie wat met die leerlingraad geassosieer word, beïnvloed?**

Dit gaan geen invloed hê nie. Aan die einde van die dag gaan dit nie nét oor die leiers nie, maar die geheelbeeld van die skool. Die leerlingraad sal steeds anders vertoon en uitstaan van die res van die skool. Hulle het steeds hul eie, unieke baadjie.

**Watter stappe sal geneem word om te verseker dat leiers en leerders 'n gevoel van trots en eienaarskap in die nuwe ontwerp voel, eerder as wrok oor die verandering?**

Eerstens wil 'n mens hê die leerders moet positief wees teenoor die skooldrag, en ek glo dat indien jy trots op jou skool is, jy trots sal wees op jou skooldrag. Die baadjie is 'n simbool van trots en dus trek jy die baadjie aan en dra dit met trots. Dit moet nie soos 'n verpligting voel nie, maar eerder 'n gevoel van selfversekerheid gee. Deur die skooldrag wat jy dra moet mense jou kan koppel aan die skool se waardes.

**Wat was die proses om die verskaffer vir die nuwe baadjies te kies en waar sal dit beskikbaar wees?**

Die eerste ding wat in ag geneem moes word ten opsigte van die baadjies, was die koste. Ons gebruik dieselfde verskaffer as Steelcrest Hoërskool, aangesien die kwaliteit goed is en dit meer bekostigbaar is as ander verskaffers, wat dus beteken dat die baadjie meer toeganklik in prys sal wees vir ons leerders. Die baadjies, asook die gewone skooldrag, sal beskikbaar wees by die Streepmuiswinkel.

**Wat is die koste van die nuwe leier- en skoolbaadjie onderskeidelik? Dink Meneer dit sal haalbaar wees dat alle gesinne hierdie skoolbaadjie sal kan bekostig?**

'n Persoon kan reken om ongeveer R600 vir die streepmuisbaadjie te betaal. Die leerlingraadbaadjie gaan egter meer kos, aangesien ons 'n kleiner hoeveelheid moet koop wat die bedrag outomaties verhoog. Ek dink wel dat die baadjies vir beide leerders én leiers bekostigbaar sal wees.



**Is daar 'n grasietydperk waartydens leiers steeds die ou baadjies kan dra?**

Die leiers sal tot die einde van 2025 die ou leierbaadjies dra en die nuwe leierbaadjies word met ingang van 2026 geïmplementeer. Die streepmuisbaadjies sal eers vanaf Februarie 2026 beskikbaar wees. Die streepmuisbaadjie is wel verpligtend vir die graad 8's van 2026 en die res van die skool het tot einde 2026 tyd om vir hulle 'n streepmuisbaadjie aan te skaf.

---

Die volgende gesprek het gegaan oor die verandering van die matriekbaadjie wat 'n hoogtepunt vir baie matrikulante is. Vir hulle simboliseer dit die einde van 'n skoolloopbaan wat gekenmerk is deur jare se toewyding en deursettingsvermoë. Vir baie is die ontvangs van hierdie baadjie die begin van die einde van hulle hoërskoolreis en bied dit motivering vir die laaste akademiese hindernisse.

Die matriekbaadjie is egter 'n voorreg wat die matrikulante oor die laaste paar jaar by MHS gehad het. Ander skole se matrikulante dra spesiale dasse, truie of selfs formele kleurbaadjies.

Meneer Hennop is weer met 'n paar vrae gepeper sodat die verandering van die matriekbaadjie binne perspektief gesien kan word.

**Daar is gerugte wat die ronde doen dat die matriekbaadjie gaan wegval. Indien dit wel so is, wat gaan in die plek van die matriekbaadjie beskikbaar gestel word?**

Die matriekbaadjies gaan wegval en daar gaan 'n wit trui met die skoolwapen vir die matrikulante beskikbaar gestel word. Die matriektrui breek nie so erg die skoolklere soos die matriekbaadjie nie en kan by skoolbyeenkomste gedra word, selfs wanneer die leerder alreeds die skool verlaat het. Dit dra by tot die eenvormigheid wat ons as skool wil skep

**Wat is die primêre redes vir die verandering, of die uitfasering, van die matriekbaadjie?**

Die primêre rede is sodat ons leerders as 'n eenheid vertoon en die matriektrui gaan baie netjieser lyk. Persoonlik wil ek hê dat die huidige matrikulante dit weer later kan gebruik, soos byvoorbeeld om die skool by 'n sportbyeenkoms te ondersteun.

**Wat is die nuwe ontwerp?**

Die nuwe ontwerp behels 'n wit trui met ons skoolwapen op.

**Wat is die belangrikste verskille in materiaal en ontwerp?**

Ons het 'n voorbeeld van die wit truie ontvang van dieselfde verskaffers as wat deur Affies gebruik word, en dis wat ons min of meer kan verwag. Die trui vertoon netjieser as die baadjie en pas beter by die skool se klere. Die baadjie het 'n meer gekompliseerde ontwerp as die trui en is baie Amerikaans. Die wit truie is in die verlede gedra en daarom wil ons dit terug bring.

**Sal daar 'n geleentheid wees om die nuwe item te hersien of terugvoer daaroor te gee nadat dit geïmplementeer is?**

Nee, die proses het 'n oor 'n lang tydperk gestrek en daar is eers seker gemaak of dit wel gaan werk of nie. Deur aanhoudende verandering kry 'n mens nie enigiets gebou nie.

**Hoe is die besluitnemingsproses uitgevoer? Is terugvoer van ouers, studente en personeel in ag geneem?**

Ons het glad nie die proses met die ouers bespreek nie, die kinders se belange word eerste gestel. Die baadjie, asook die matriektrui is aan die graad 11's voorgelê en daar is aan hulle verduidelik oor hoekom ons besluit het om dit te verander. Ek het met 'n paar leerders gepraat en hulle terugvoer gevra. Ek wil die beste doen vir ons skool en glo hierdie verandering is die beste.

**Was voornemende matrikulante betrokke by die keuse van die nuwe ontwerp van baadjie/item?**

Ons het twee oud-Middies wat op ons klerekomitee dien en dus het hulle insette gelewer op die besluit van die matriektrui.

**Wat is die koste verbonde aan die nuwe item en hoe vergelyk dit in prys met die vorige matriekbaadjies?**

Die matriektrui sal teen R400 beskikbaar wees aan matrikulante en dit is goedkoper as die matriekbaadjies wat R700 gekos het.

---

Ten slotte. Dit is veral op koue winteroggende wat dit opvallend is hoe verskillend leerders aantrek. Die vraag ontstaan wat dit van ons as skool sê en wat die beeld is wat ons na buite uitdra? Ons verwag almal dat ons as individu se tradisie, kultuur en waardes gerespekteer moet word. Maar wat van ons skool se tradisie en waardes? Die streepmuisbaadjies, die groen leerlingraadbaadjies met 'n koord om en die wit truie is tog deel van Middelburg Hoërskool se geskiedenis wat nie verlore moet gaan nie. Al is jy 'n voorstaander óf teenstaander vir die veranderinge, die koeël is deur die kerk. Die finale besluit is deur die Beheerliggaam, wat deur die ouers verkies is om hulle te verteenwoordig, geneem. Die streepmuisbaadjie is vanaf 2026 deel van MHS se skooluniform, die leerlingraadbaadjies verander na 'n groen baadjie met 'n koord en die matriekbaadjie word vervang met 'n wit trui. Die dae, veral in die winter, dat die leerders met verskillende skooldrag by die skool opdaag, is verby.

Oor 'n paar jaar het almal vergeet van die veranderinge en is dit die norm. Elke Middie gaan netjies en as 'n eenheid vertoon, en ons skool se geskiedenis en tradisie ten opsigte van die baadjies leef voort in hierdie verandering.

ONS SKOOL. ONS UNIFORM. ONS TROTS.

## Die Japie bring styl en gesondheid na Middies

**Bianca van Heerden**



Middies het onlangs 'n opwindende toevoeging tot die skool se terrein gekry – die splinternuwe kafeteria, Die Japie. Hierdie pragtige, moderne gebou pas perfek by die estetiese styl van die skool wat al 107 jaar oud is, en bied 'n vars en gemaklike ruimte vir leerders om te ontspan en saam te kuier.

Die Japie is ruim en lig, met gemaklike tafels en stoele, en selfs plante wat 'n rustige en aangename atmosfeer skep. 'n Duidelike verandering teenoor die ou kafeteria is die manier van betaling: daar word slegs kaarttransaksies aanvaar. Alhoewel dit vir sommige leerders eers 'n aanpassing mag wees – veral dié wat vroeër van die "lassie"-stelsel gebruik gemaak het waar mede-leerders jou met 'n paar sente kon help – is dit 'n moderne stap wat vinnig deel van die nuwe kafeteria se roetine sal word.

'n Verdere opwindende aspek van Die Japie is die beweging na gesonder kosopsies. Alhoewel dit beteken dat sommige items effens duurder is as voorheen, dra dit by tot 'n gesonder leefstyl vir leerders wat die kafeteria besoek.

Met Die Japie het Middies nie net 'n nuwe plek om te eet en te ontspan gekry nie, maar ook 'n spasie wat skoon, modern en verwelkomend is – 'n kafeteria waarop elke leerder trots kan wees.









# Sport ontmoet tegnologie by Middelburg Hoërskool se splinternuwe MSSI-sentrum

**Annemike Ferreira**



Middelburg Hoërskool spog met 'n splinternuwe MSSI-sentrum – die Middies Sport Spesifieke Instituut – waar tegnologie, kennis en toewyding saamkom om elke leerder se sportpotensiaal tot die maksimum te ontwikkel. Die sentrum bied moderne sportwetenskaplike toetse, fiksheidsevaluasies en persoonlike opleidingsprogramme wat atlete help om hulle prestasie te verbeter en beserings te voorkom.

Onder leiding van 'n kundige span personeel, wat spesialiseer in biokinetika, sportvoeding en prestasiebestuur, speel die MSSI-sentrum 'n sleutelrol in die ontwikkeling van Middelburg Hoërskool se atlete. Hier word sport nie net beoefen nie – dit word bestudeer, verstaan en verfyn.

Die skool se MSSI-sentrum word bestuur deur me. Leandri Language, 'n sportwetenskaplike wat in Januarie 2024 aangesluit het by die sentrum. Die volgende word by die sentrum aangebied: rugby kondisioneringsafrigting, die skryf van oefen- en rehabilitasieprogramme, "strapping", toetsing van atlete, toets en verwysing van beserings, individuele sessies vir atlete wat besig is met rehabilitasieprogramme.

Volgens me. Language word die volgende tipe sportwetenskaptoetse of evaluasies in die sentrum gedoen: liggaamsamestellingstoetse, aërobiese toetse, anaërobiese toetse, kragtoetse, spoed-, ratsheid- en reaksietoetse, buigsaamheids- en mobiliteitstoetse, reaksietyd- en besluitnemingstoetse, herstelmonitering en bewegingsifting.

Die toetse help om die spelers se prestasie te meet deur al die komponente in ag te neem wat 'n volledige raamwerk van elke speler gee. Sodoende word 'n omvattende profiel van elke speler geskep om te kan bepaal op watter vlak die speler is en ook om te bepaal waar en waarom spelers goed of swak presteer. Die programme kan dus gereeld aangepas word volgens die spelers se behoeftes. Die toetse is gebaseer op feite en daaruit kan objektiewe en meetbare data saamgestel word. Daar kan dus gesien word waar elke speler deur die jaar staan, of hulle verbeter en of daar terugslae is gedurende seisoene.

Daar is 'n groot verskeidenheid van toerusting wat in die sentrum gebruik word om die spelers te meet, naamlik: liggaamsamestellingskaal, velplooi-knypmeters, maatbande, digitale lengtemeter, stophorlosies, hartklopmonitors, slimhorlosies, kardio-toerusting, medisyneballe, gimnasiumtoerusting, reaksieligte, goniometer en vraelyste.

Die sentrum word op 'n daaglikse basis gebruik vir rehabilitasie en toetse vanaf 07:00 tot 17:00. Leerders kan afsprake maak vir konsultasies, rehabilitasie en toetse. Die junior sportspanne word gevra om minstens twee sessies 'n week by te woon en die seniors 3 tot 4 sessies. Geen span is beperk op die hoeveelheid sessies wat hulle in 'n week wil bywoon nie.

Midwell Dietitians vorm deel van die dinamiese span in die sentrum. Spelers kan dus met dieetkundige, René Janse van Rensburg, konsulteer en vir advies, eetplanne, sportvoeding raad en riglyne vra.

Daar word navorsing gedoen oor beseringsvoorkoming en rehabilitasie. Die sentrum fokus daarop om ingelig te bly en aan te pas sodat die spelers die beste hulp ontvang om optimaal te kan presteer.

Die sentrum kry gereeld leerders wat raad kom vra en kom kyk wat daar in die sentrum gedoen word. Daar is ook graadgroepe wat hulle Lewensoriëntering praktiese toetse hier uitvoer en dit gee vir hulle 'n aanduiding van hoe die sentrum werk. Die skool neem ook gereeld nuwe leerders en ouers op skooltoere. Hulle word dan na die sentrum gebring en verduidelik hoe daar te werk gegaan word en wat die MSSI alles bied.

Die volgende kundige persone vorm deel van die sportkondisioneringspan:

- Fisioterapeut – Kaila Fourie
- Kondisioneringsafrigter en Instrukteur (Zumba, Step, Piloxing, Bounce, EMS training) – Anel Kaufman
- Sport Wetenskaplike – Leandri Language
- Biokinetikus – Ruben Fourie
- Dieetkundige – René Janse van Rensburg.

Die MSSI-sentrum werk nou saam met die sportafrigters wat self ook hulle spanne se kondisioneringsessies bywoon.

Die sentrum het 'n groot verskil gemaak aan Middelburg Hoërskool se sportprestasie. Me. Leandri Language sê: "Ons glo wanneer spelers gelukkig is presteer hulle beter. Die sentrum bied 'n opwindende ervaring en ons spelers geniet die sessies wat hulle hier bywoon. Ons statistieke wys dat ons getalle op beserings drasties verbeter het en ons spelers herstel vinniger na beserings. Ons sien ook die sentrum maak 'n groot impak op ons spelers se fisiese, geestlike en emosionele welstand."

Daar is atlete wat nou hulle sport op hoër vlakke beoefen danksy die sentrum. Spelers word op provinsiale en nasionale vlakke getoets. Die sentrum help die spelers geweldig om voor te berei vir hulle toetse en om mededingend te kompeteer teen spelers van ander provinsies wat ook sportsentrums tot hulle beskiking het.

Die MSSI sien tussen 180 en 280 spelers (soms meer) per dag. Afrigters noem ook gereeld dat hulle 'n verskil in hulle spelers se prestasie kan sien.

Me. Leandri Language verseker dat daar in die toekoms nuwe toerusting aangeskaf sal word vir die sentrum asook 'n verdere uitbreiding van die sentrum.

Daar lê 'n blink toekoms vir sportwetenskap by Middelburg Hoërskool voor. Die sentrum stel spelers in staat om hoër hoogtes te bereik.

Die MSSI-sentrum by Middelburg Hoërskool is 'n ware trots vir die skool en sy gemeenskap. Dit wys hoe ernstig MHS is oor die bevordering van sportprestasie en gesonde lewenstyl onder sy leerders. Met moderne toerusting, professionele begeleiding en toegewyde personeel, kry elke leerder die kans om sy of haar volle potensiaal te bereik – op én van die sportveld af. Hierdie sentrum is nie net 'n plek vir oefening nie, maar 'n beleggingsprojek in die toekoms van jong sportsterre.

Middelburg Hoërskool bewys met die MSSI dat hulle nie net kampioene wil kweek nie, maar afgeronde, gebalanseerde jongmense wat trots hulle skool en gemeenskap kan verteenwoordig.



# Van Minimuis tot trotse Streepmuis



**Marli Jacobs**

2025 se gr. 8's het gou besef dat hierdie nie net 'n gewone skooljaar gaan wees nie. Soos mnr. Stronkhorst tereg aan die begin van die jaar gesê het: "You can't buy memories, you have to live them." En elke Minimuis het inderdaad hierdie jaar kosbare herinneringe gemaak. Die ontgroening, wat aanvanklik na net 'n klomp reëls en onsinnige oefeninge gelyk het, het vinnig verander in 'n avontuur vol lag, uitdagings en samehorigheid. Dit was 'n jaar vol herinneringe wat vir 'n leeftyd gekoester sal word.

Die groentjiekonsert, met die tema "Back to the Future", het die jaar op 'n hoë noot afgeskop. Dit was 'n besonderse konsert omdat die leerlingraad, wat tydens hulle graad 8-jaar in die COVID-tyd nie hulle eie konsert kon hê nie, saam met die gr. 8's opgetree het. Die oefening het op 15 Januarie begin en op 29 Januarie was die eerste optrede.

Tydens die ontgroeningstyd het die leerlingraad die gr. 8's elke oggend op die toonnael verwelkom, en weer tydens pouse. Die Minimuise moes onder andere leer watter gange en deure "verbode terrein" was. Dit het natuurlik 'n bietjie ekstra spanning (en ook pret) veroorsaak.

2025 se groep is gedoop as "The Who's van Whoville", en die leiers moes gegroet word as "Mighty Matriarch" of "Mighty Patriarch". Elke leier se naam en van moes ook uit die kop geleer word. Die meisies moes twee poniesterte voor en 'n bolla agter dra, terwyl die seuns met gladde slick-back-haarstyle moes opdaag vir skool. Dan het die gr. 8's ook rooi gekleurde neuse gehad, en moes Middiedrag dra terwyl die res van die skool gewone klere kon dra op sivviedae.

As jy 'n opdrag gemis het moes jy 'n rympie op die plek opsê totdat die leiers tevrede is. Die Minimuise moes ook elke dag 'n bordjie dra met hulle persoonlike karakter, gunstelingliedjie en handgemaakte blommetjie, en hulle eie Who's-lied en graad 8-kreet sing.

Die hoogtepunt was op 24 Junie 2025 met die ontheffing. Die Minimuise het kaalvoet deur die yskoue fontein gestap en is later met poeierverf gegooi om die dag met 'n colour festival af te sluit. Van laatnag oefeninge tot lagbuie en strafrym, elke dag van ontgroening was 'n nuwe avontuur. Selfs die "krokodil" op die grasperk kon die groentjies nie keer om te lag nie.

Die 2025-ontgroening was dalk rof en lawaaierig, maar vir elke gr. 8-leerder was dit die beste deel van die jaar. Nou is die groentjies nie meer Minimuise nie, maar volwaardige en trotse Middie-streepmuise.









# Graad 7's aan die woord oor hoekom hulle MHS gekies het

*Die Rissiepit* het aan drie gr. 7's gevra hoekom hulle die slim keuse gemaak het om in 2026 'n Middie te word. Lees hier wat vir hulle belangrik is.



**Llewellyn Scheepers** is die hoofseun by Laerskool Staatspresident CR Swart.

Middelburg Hoërskool is vir my 'n plek waar ek weet ek sal kan groei – nie net in my skoolwerk nie, maar ook as persoon. Die Minister van Onderwys het MHS vir die derde agtereenvolgende jaar as een van die toppresterende openbare skole vereer, en ek dink dit sê baie oor die gees en toewyding van almal by Middies. Die gras ís beslis groener aan MHS se kant! Vir my is die grootste aantrekkingskrag die balans tussen harde werk en samehorigheid. Hier gaan dit nie net oor punte nie, maar oor deelname, trots en 'n gevoel van behoort.

Ek hou daarvan dat MHS sterk is in sport, kultuur én akademie – dis 'n plek waar elke leerder 'n kans kry om sy of haar eie talente te ontdek en te ontwikkel. Ek sien myself as iemand wat graag betrokke raak, my bes doen en ander ondersteun. Daarom voel ek dat ek goed sal pas by die Middie-familie. As 'n ware Middie sal ek my skool met trots verteenwoordig, of dit nou in die klaskamer, op die sportveld of op die verhoog is. Met MHS se uitstekende fasiliteite, ondersteunende onderwysers en positiewe atmosfeer, glo ek dat dit die skool is waar ek my volle potensiaal kan bereik en met selfvertroue my hoërskoolloopbaan kan begin en eindig.



**Hardu Olivier** is 'n leier by Middelburg Primary School en ook kaptein van die eerste krieketspan en onderkaptein van die eerste rugby- en hokkiespan.

Ek het Middelburg Hoërskool as my hoërskool gekies om 'n paar redes. Die belangrikste rede is seker omdat dit een van die beste sportskole in die omgewing is met die beste afrigters. Ek is al vir 'n paar jaar 'n groot ondersteuner van MHS se sport en het reeds ondersteunersdrag wat ek aantrek as ek rugby, krieket of hokkie gaan kyk. Wanneer ek die skool besoek, word ek altyd vriendelik gegroet deur die leerders, en ek voel altyd baie welkom daar. Ek voel reeds deel van die skool!

Nog 'n rede is dat ek nog nooit iemand ontmoet het wat in MHS is, wat nie baie gelukkig daar is nie. Almal met wie ek praat, is trots om 'n Middie te wees, en ek kan nie wag om daardie selfde trots uit te dra nie. Die gees in die skool is werklik aansteeklik, en die skool het regtig 'n atmosfeer ("vibe") waarvan ek hou.



**Deoné Botha** is onderhoofdogter sport by Middelburg Laerskool.

My situasie is dalk bietjie anders as dié van ander gr. 8's van 2026. Ek dink vir dié van hulle wat 'n ouer boetie of sussie in die skool het, sal met my saamstem, dit kan of baie goed of baie sleg wees vir jou keuse van 'n hoërskool. Gelukkig vir my, was dit net goed. Ek kon al vir 'n paar jaar sien hoe mooi die terrein ontwikkel, die ongelooflike nuwe MSSI en my heel gunsteling – die nuwe Japie kafeteria. Ek het die voorreg gehad om deur van die sportafrigters afgerig te word, wat my 'n goeie gevoel gegee het oor hoe dit sal wees in MHS. Maar iets waarna ek al so lank uitsien, omdat ek dit al vir die laaste 4 jaar bywoon, is die jaarlikse Derby – die gees, die groen en goud; wie wil nié 'n Middie wees nie?

# Vriendskappe groei en grense word verskuif by gr. 11-kamp

**Monja Viviers**

Die jaarlikse gr. 11-kamp het hierdie jaar in Februarie by UBhetyan-O-Africa plaasgevind. Hierdie kamp bied aan die leerders die geleentheid om die buitelewe te geniet, weg van die skool se roetine, waar hulle uitdagende aktiwiteit kan aanpak en kosbare herinneringe kan maak. Dit is ook 'n tyd om vriendskappe te versterk en mede-leerders beter te leer ken deur spanwerk. Hierdie kamp help om leierseienskappe te ontwikkel en te identifiseer. Dit was twee dae van pret en plesier, lag en avontuur. Maar veral ook 'n tyd waarin elke leerder hom- of haarself beter kon leer ken.
















# An elegant farewell Under the Tuscan Sun



**Bontle Mpaila**

On the 3rd of October 2025, our lovely matric learners had the privilege of attending this year's Matric Farewell. The night was filled with glamour, elegance, and excitement. Sparkling evening gowns, tailored suits, and luxury cars set the tone for an unforgettable celebration.

This year's theme, "Under the Tuscan Sun", brought a warm and romantic Italian atmosphere to life. The venue, Die Japie, hosted the event for the first time and was beautifully transformed with rustic décor, soft lighting, and golden touches reminiscent of the Tuscan countryside.


Friends and family had the opportunity to share in the magic, both online and in person, as the matrics made their grand entrances. Inside, guests enjoyed a night of delicious food, great music, and laughter that filled the air.


Matriculants described the evening as a once-in-a-lifetime experience – one that celebrated the end of their school journey in true style. The night can be summed up by the words of mr. Stronkhorst: You can't buy memories, you have to live them.







# Middies skitter in die klaskamer












# Abigail Cullen maak skoonskip by ARTIUM

**Anuschka Pretorius**



Tydens die ARTIUM Wennerskonsert het Middies se kultuurdogter, Abigail Cullen, skoonskip gemaak!

Sy hou Middies se naam hoog deur 100% te behaal vir beide haar Afrikaans selfgeskrewe digkuns, sowel as haar Engelse leesstuk. Sy het uitgeblink as itemwenner in tien afdelings en wen die Afrikaanse Skryfkuns in die afdeling vir hoërskole, asook die afdeling vir Engelse Drama vir hoërskole.

Abigail word aan die einde van hierdie glansgeleentheid bekroon met die toekenning as ARTIUM se Victrix vir hoërskole. Sy word ook vereer met die Hoërskole Bestuurstrofee as algehele wenner van ARTIUM 2025. Haar toewyding, veelsydigheid en passie vir die kunste maak haar 'n ware inspirasie vir elke Middie.

Nóg 'n Middie, Liani Steyn, behaal 'n volmaakte 100% met haar Engelse monoloog. Sy en Abigail deel die toekenning vir Engelse Drama in die hoërskole afdeling – 'n ware triomf van talent en passie.

Mag hierdie kreatiewe vuur voortbrand in elke Middie wat lief is vir kultuur.

Hier volg Abigail Cullen se gedig waarvoor sy 100% gekry het by Artium se kompetisie vir digkuns in Afrikaans.

**Hulpkreet van die natuur**

Die aarde steun en kreun!
Gonsende masjiene wat diep in haar grou en vorentoe beur.
Dit laat haar naak – dor en baar;
die grond kry bitter, bitter swaar.

Die bome swyg,
terwyl nóg 'n vuurpyl in die lug opstyg.
Opgewonde skree en gil die mensdom,
maar dit los die bome – doodstil, stom.

Die lug is dik van rook en stof –
nóg 'n bom het weer ontplof!
Die wind huil droewig vanuit haar droë keel,
want die mensdom het haar laaste asem gesteel.

Die see proes gif –
nóg 'n blik, plastiek en draadsif.
Die visse spartel verwoed,
en verloor dan uiteindelik ook moed.

Hoekom bly ons die blomme trap,
terwyl hulle net wil glimlag – sonder wrok of grap?
Hoekom neuk ons die aarde op?
Kan ons dit om hemelsnaam STOP!

Kom ons luister
na haar laaste asem wat fluister:
"Red my NOU – ek het genoeg!"
Dan doen ons, mensdom, weer iets goed.



*Artium Bestuurstrofee en Victrix vir hoërskole word aan Abigail Cullen oorhandig.*

# MiddieMelodi laat hulle stemme hoor

**Elfia Buys**



MiddieMelodi het hierdie jaar regtig hulle stemme laat hoor! Wanneer ons terugkyk, word ons harte gevul met dankbaarheid en vreugde vir al die wonderlike ervarings, optredes en vriendskappe wat die koor die afgelope maande verryk het.

Die koor het aan verskeie opwindende optredes deelgeneem, insluitend by HTS Middelburg en Laerskool CR Swart se Afrikaansfeeste, die Mannafees en die HS Patriot Koorfees. 'n Onvergeetlike hoogtepunt was om genooi te word om saam met die Mpumalanga Jeugkoor by die Sudwala-grotte op 16 Mei te sing – 'n groot eer vir Hoërskool Middelburg!

MiddieMelodi het ook uitstekende prestasies in kompetisies behaal. Die jaar het begin by die bekende ATKV-applous, waar die koor 'n brons verwerf het. By die Allegretto Eisteddfod het hulle dubbelgoud verwerf en deurgedring na die nasionale ronde op 19 September, waar MiddieMelodi weer dubbelgoud behaal het. In Augustus het die koor 94% by Artistatue verwerf, 'n diploma by Artium, en goud by die Nasionale Eisteddfod van Suid-Afrika.

Gedurende die jaar het die koor pragtige liedjies vertolk, soos Raise a Hallelujah, Hlonolofatsa, Winter deur Tori Amos, en Hey Sonneblom. Die jaar is afgesluit op 'n groot hoogtepunt. Op 17 Oktober het MiddieMelodi saam met Droomsindroom Hey Sonneblom op die verhoog vertolk – 'n onvergeetlike oomblik vir beide koorlede en gehoor.

Die koor bestaan uit ses stemgroepe en 90 lede. Ons is veral trots op twee lede wat uitsonderlike prestasies behaal het. Mariluy Johnstone, wat deel is van die Mpumalanga Jeugkoor, en Derik de Klerk, wat sy oudisie vir die Stellenbosch Universiteitskoor suksesvol geslaag het.

MiddieMelodi was hierdie jaar in die bekwame hande van tannie Thelma Steyn as begeleier en juffrou Theonilde de Klerk as afrigter en dirigent. Die koor sou nie sonder die ondersteuning van juf. Annelize Thesner as hulpafrigter en juf. Sonna van Zyl, wat agter die skerms werk, so suksesvol kon wees nie.

Hierdie jaar herinner ons weer waarom ons sing – nie net vir onsself nie, maar om vreugde, harmonie en die skoonheid van musiek met ander te deel.

# Landsdiens leer van omgee en mededeelsaamheid



**Sydney Kok**

Landsdiens bied leerders die geleentheid om betrokke te raak by dienslewering, omgewingsbewaring en gemeenskapsprojekte. Die organisasie moedig jongmense aan om verantwoordelikheid vir hulle gemeenskap te neem, omgee vir ander te wys en die natuur te beskerm. Landsdiens bestaan uit vier pilare, naamlik: liefde vir God, arbeid, natuur en medemens.

Gedurende die jaar het Landsdienslede aan verskeie betekenisvolle aktiwiteite deelgeneem. Die jaar het afgeskop met 'n waterspeletjiedag, waar ons mekaar leer ken het. Ons het ook 'n besoek aan die plaaslike brandweer gebring om dankie te sê vir die diens wat hulle lewer.

Die groep het Saint Joseph's Ouetehuis besoek, waar leerders met die inwoners gesels en spesiaal gebakte kolwyntjies uitgedeel het.

Omgewingsbewaring vorm 'n groot deel van Landsdiens se werk. Middelburg Hoërskool se Landsdienslede het aan 'n boomplantdag deelgeneem om die skool en omliggende gebied groener te maak. Hulle het ook gereeld die skoolterrein skoongehou deur rommel op te tel.

Een van die hoogtepunte van die jaar was die Landsdienskampe, waar daar in die natuur kampeer is en praktiese vaardighede soos spanwerk, oorlewingsvaardighede en omgewingsbewustheid aangeleer is. Die kamp het nie net onderrig verskaf nie, maar ook is daar lewenslange vriendskappe gebou. Die klubkamp is vroeër vanjaar in Mei by Ubhetyan-O-Africa gehou.

Landsdiens vorm ook deel van MHS se skoolkultuur, en daar word provinsiale en nasionale kampe gehou. In die Junie-skoolvakansie is die Provinsiale kamp vir 2025 by die Nkambeni Safari-kamp gehou. Christine Maloka, Siyabonga Phetla, Sydney Kok, Nthabiseng Tshehla, Retha Motloung, Abigail Coetzee, Denay Cass en Ané Grobler is gekies om MHS by die provinsiale kamp te verteenwoordig.

Die Nasionale kamp word later vanjaar in Desember 2025 by Madiba Bay gehou.

Daar is min leerders wat hulle Springbok-toekenning in Landsdiens verwerf. Dit verg drie jaar se aktiewe deelname, bywoning van twee nasionale kampe en die voltooiing van 'n gemeenskapprojek wat strek oor 'n jaar. MHS se eie Ané Grobler het in 2026 hierdie toekenning ontvang – baie geluk, Ané!

Landsdiens het 'n duidelike positiewe impak op die gemeenskap en die omgewing. Dit is 'n aktiwiteit wat empatie, mededeelsaamheid en diens aan ander bevorder.



*Ané Grobler was na Covid-19 die enigste leerder by MHS wat Landsdiens gedoen het in haar gr. 8-jaar in 2021. Sy het baie gedoen om te help om die Landsdiensbeweging weer sterk te vestig by MHS. In haar matriekjaar word sy beloon deur haar Springboktoekenning te ontvang.*

# Middies Kultuur maak golwe in 2025

**Abigail Cullen**

MIDDIES het in 2025 aan nege kunswedstryde deelgeneem. Hierdie kompetisies het gewissel van die bekende Artistatue Kunswedstryd tot die Nasionale Eisteddfod, wat Middelburg Hoërskool vir die eerste keer in baie jare weer aangebied het.

Items het gewissel van dans tot drama, skryfkuns tot redenaars, kuns tot sang, en selfs groepitems uit ons Blyspel het die verhoog laat lewe kry.

Ons skoolkoor, MiddieMelodi, is ook genooi om aan die nasionale ronde van sowel Allegretto as Artistatue deel te neem – 'n groot prestasie en trots vir MHS.

By die bekende Artium Kunstefees spog Middies met 26 diplomas en twee leerders, Liani Steyn en Abigail Cullen, wat genooi is om by die Wennerskonsert op te tree.

Allegretto het ook op 'n hoë noot afgesluit waar Abigail Cullen as drama-ambassadeur vir 2026 aangewys is – 'n merkwaardige eer!

53 Middie-leerders het hierdie jaar gekwalifiseer om ons skool op nasionale vlak in 'n indrukwekkende 72 items te verteenwoordig tydens hierdie nege kunswedstryde.

Middelburg Hoërskool is ongelooflik trots op elke leerder wat deelgeneem het. Almal het talent gewys en ook trots, toewyding en ware Middie-gees!



*Liani Steyn (links) en Abigail Cullen (regs) deel die Artium Engelse Drama trofee vir hoërskole.*

# Mia Greyling skryf 'n Diploma los by Nasionale Eisteddfod



**Mia Greyling ontvang 'n Diploma vir haar skryfkuns by die Nasionale Eisteddfod. Haar essay met die titel "True heroics" getuig van 'n diep insig in die mensdom se natuur van goed en sleg.**

There was once a boy called Wren. He was born human, and spent his formative years understanding that humanity was evil.

As he grew older, he realised that he wasn't the same as his human kin. He was something that humanity called an inhuman. He wasn't the only one, either. Inhumans had lived on Earth for ages, saving lives and making the world "better". They kept saving the lives of the same people who called them freaks, who wanted them dead, their only reason was that the inhumans were different. But Wren would not be like these heroes.

When Wren realised his true power, he decided that he would make the perfect Earth – an Earth that was not plagued by humans. An Earth ruled by nature, without the sickness that was humanity – and without the inhumans that loved humanity. Wren knew that with his powers, and with this absolute knowledge, he was no longer human. It was what he had been called for his entire life, inhuman. And it was what he had become. He was no longer a human. He was a god.

And so, he decided to turn the human race against each other, planting ideas of war and terrorism. The Earth was practically destroyed after a mere three months. There were only six million humans left on Earth, and he would have rid the Earth of these, too, if not for them being hidden well in places called compounds.

The only people who had known his true name were in the ground, and as such, his only name now, was Lost.

It was in one of these compounds – near where the city of Los Angeles used to be – where our story truly starts. It was a dark night, even darker than usual, snowflakes tainted with plutonium floating down gently onto the rubble, where a star fell from the sky.

The humans in the compound stared at the shooting star, daring not to wish on it, as it hurtled down to the ground, crashing into the dead city with a near-blinding light.

And there was a woman who went out into the night after this blinding light, and found a pod in the crater. She carried it back, her heart pounding in her chest, knowing that Lost could notice her at any moment, knowing that she could lose her life, but she did it anyway. She did it because there was still the smallest flame of hope burning in her chest.

The people in the compound cracked the pod open and found a baby. He looked human, he sounded human, and he could be considered as such if not for the place he came from. And even though there was a fair bit of arguing, it was eventually decided that the child could stay, if only for the slight hope that he might be able to defeat their oppressor.

He was not raised as if he was from another planet, even though some treated him as such. Most of his life was as good as it could be in the situation the human race was in, but, as they say, all good must come to an end. Someone made an accident, left too much of a trace, and led their killer right to them.

Lost crashed through the roof of the compound, and hovered, cape fluttering in the wind, illuminated by the cold sun, readying himself to take as many lives as possible. But he was not the only super-powered individual there, there was also the child, who had now grown into a young man, and who had a name. Arne.

For a moment, Lost recognised in Arne the same sadness that he had, buried under his hate – sadness that stemmed from being hated, being ostracised. He considered the young man for a moment, wondering if he could convince this hero of the compound to join his side.

"Young man," he said, his voice booming, "Are these your people?"

Arne stared at him, then looked at the people. "Yes, I am one of them."

Lost gave a laugh so loud that the compound's foundations shook, throwing his head back, "You are one of them?" He asked, looking around, "You are no man," he spat. "Do you know of their crimes? Or have they manipulated you into believing they are innocent, as they so often do?"

Arne shook his head, "I know of their crimes, but I also know of yours."

"They are not crimes. Every insignificant life I took was for the greater good. This species does not deserve to live," Lost said, darkly, staring down at Arne as if he was explaining something to a young child. "These beings do not just have the capability to be evil, they are born as such. They are inherently evil, every one of them. Join me, if you are not foolish help me eradicate them."

Arne looked around again, down at the people he had known for his entire life. He spotted a young man of his age in the crowd. They'd lived in tents next to each other, and each morning when Arne would walk to the compound's school, that boy would throw rocks at his head, and yell insults.

He also spotted an old woman, who had once cornered him and hit him over the head repeatedly, to pay for the crimes of all the other inhumans.

But he also caught the eye of a girl who had been kind to him for as long as they'd known each other, and of the woman who had raised him, the one he considered his mother.

"Some humans may be evil, but many of them are quite the opposite," Arne began. "They have made me know fear, and pain, and sadness. But I also know of hope, and kindness, and joy. These people, these humans have shown me love, and shown me hate, and I choose to believe that their kindness outweighs their malice tenfold."

"Then you truly are ignorant," Lost called, before he lunged at Arne.

But he had not anticipated Arne's strength, and he could not kill him instantly. And though they battled for two days and two nights, finally, when the sun rose on the third day, Lost fell. But he was not dead.

"I will not kill you, I will not bring myself to your level," Arne muttered, putting his hand on Lost's chest. "How can you still love these beings?" Lost asked, ever defiant, "When you are not even human?"

"I may not be from this planet," Arne said, "but I am human. I am more human than you ever were. But I am sorry for your pain, I truly am. I am sorry that you felt that all this race could ever be was evil."

And with that, though Arne did not land the killing blow, that boy named Wren's heart finally settled, still as the snow. It had been fueled by hate and nothing else, and with a kind hand finally extended, that fire finally burnt out, and the butcher of the human race went still, and he did not move again.

# MHS se spelsterre blink by WOW-spelfees en Spelling Bee




*Mieke Knoesen behaal nasionaal 'n tweede plek by die WOW-spelfees vir gr. 8.*

**Marli Jacobs**

MHS het vanjaar gewys dat ons nie net met boeke slim is nie, maar ook met letters kan toor! Alles het begin met 'n uitdunronde by die skool – 'n vinnige toets van tien punte om die skerpste spellers te identifiseer. Die leerders wat volpunte behaal het, is dieselfde middag uitgedaag met 'n verdere speltoets. Diegene wat besonder goed gevaar het, is aangewys om MHS by die Provinsiale WOW-spelfees te verteenwoordig wat by HTS Middelburg aangebied is.

By die provinsiale ronde is daar nie net gespel nie, maar ook geskryf – en dis daar waar Marli Jacobs en Mieke Knoesen, albei in graad 8, hulle kans gekry het om verder te skitter. Beide is gekies om MHS op 11 Oktober by die Nasionale WOW-spelfees in Stellenbosch te verteenwoordig. Ons drie Engelse spellers het ook aan die provinsiale ronde deelgeneem en dring ook deur na die Nasionale ronde in Stellenbosch. Hulle is Tsholofele Phamotse, Kaboentle Mokalapa en Lethabo Sekwane.

Terwyl ander kinders gedurende die vakansie op Durban se strande in die son gelê het, het Middies se spellers geleer dat "die biesies bewe" wanneer die spanning opbou! Daar is darem nie nét gespel nie, maar 'n paar lekker plekke is ook besoek, soos die bekende Spier-wynplaas en ook 'n aarbeiplaas.

Die groot dag, Saterdag 11 Oktober, het vroeg begin. Teen 07:30 moes almal reeds by die Universiteit aanmeld. 'n Hartlike opening en 'n warm verwelkoming het die dag afgeskop, gevolg deur ontbyt en die vinnige herhaling van die spelreëls. Daarna het die ernstige spellery begin – heeldag lank. Teen die middag was almal moeg, dit was warm, en almal se hare het behoorlik regop gestaan van die spanning. Die kompetisie was straf en wou nie tot 'n einde kom nie.


Uiteindelik het al die harde werk vrugte afgewerp. Mieke eindig tweede en Marli vyfde in Suid-Afrika vir graad 8.

Wat 'n ervaring! Wat 'n avontuur! Wat 'n "vakansie" was dit nou nie!



*Marli Jacobs behaal nasionaal 'n vyfde plek by die WOW-spelfees vir gr. 8.*

# Villains are just victims of life's story




This poem by Lethabo Madisha shows that villains are often victims of life's hardships, shaped by pain and neglect, and judged unfairly by society without understanding their suffering.

**Lethabo Madisha (Grade 8)**

They say villains should be killed and punished
But villains are just victims of life's story.
Everyone is a villain in another's life,
Even those who live in glory.
Life comes with obstacles
that can make us
or break us.
Only the strongest survive,
while the broken sadly can't revive.
Medusa became "The Gorgon Monster".
But it was never her fault or choice.
She was never asked how she felt,
or what she had been through as she fell.
Saints were once sinners who resurrected.
Too many are victims ending their life in destruction.
Forgiveness is given, but who could ever forget:
The pain,
suffering,
misery,
and tears.
Villains are just broken heroes, forced into despair
Always alone and hurt, never in a pair.
From giving up on being saved,
to giving in to what life has been for them.
A villain is like an unloved inner child that just wanted love.
Heroes are seen as protectors,
but villains are seen as projections –
that screen a life that causes destruction.
Never being asked, "What made you this way?"
or "Who led you astray?"
Growing in pain, hurt, and abuse,
that's what makes a story.
The sad part is, villains make the wisest people.
They have reaped what others have sown.
But when they needed someone, they were just thrown away.
From misjudgment
To embarrassment,
Being broken piece by piece till they have nothing left.
From giving people their all,
and people wanting more.
Tell me,
when am I enough?
when do I deserve a break or two?
As no one deserves what I have been through.
Bullying, abuse, and broken homes,
Crying with just the few words of:
"It's not your fault."
"You didn't deserve it."
"You're more than enough."
A villain can't be fixed because they know the true meaning of life.
Love is never forever,
And hope is always for never.
The point is:
Villains are just broken people painted as monsters.
Even when they speak the truth, but who would bother?
Woman dressed in black, covered in tattoos and piercings,
with the purest of heart.
But humanity judges a book by its cover and turns a blind eye.
Raped, abused, and left for dead,
But people don't care, because they won't believe it.
People who express themselves wearing short things,
Are taken advantage of and raped because
"They asked for it."
Since when was clothing a call for abuse?
Silenced cries felt while dreading death.
Might as well die because you've taken away all I have left –
My sense of humanity, my pride, and my dignity.
Yet the wrongdoers are left as heroes,
but the healing of the victim's appearance, somehow justice isn't proof.
And the victims are left as villains in trauma.

# Adriaan Swanepoel verruil sy boeke vir niks nie



Die meeste tieners van vandag hou nie van lees nie. Op die skoolgronde sien mens selde 'n leerder wat sit en boek lees. (En dit sluit nou nie handboeke in waaruit daar geleer móét word nie.) Adriaan Swanepoel is 'n gr. 11-leerder wat baie lief is vir lees - Afrikaans sowel as Engels. In die November-eksamen het hy die volgende opstel geskryf waarin sy liefde vir lees duidelik blyk.

**Stilte in 'n oorverdowende wêreld**

**Adriaan Swanepoel**

Stilte in 'n oorverdowende wêreld, is 'n oomblik waarna baie mense smag. Hierdie stilte sal ek nooit wil verruil nie.

Ek het 'n groot liefde vir boeke en artikels lees. Dit is vir my soos 'n ander wêreld waarin ek leef. As iemand vir my vra hoekom ek van boeke hou en lees, dan antwoord ek: "'n Boek gaan vertel nie vir ander mense jou diepste geheime nie. 'n Boek is altyd daar vir jou as jy hartseer, kwaad of bly is."

Wanneer die boek sy vlerke sprei, neem hy my na my verbeeldingswêreld toe. As klein seuntjie het ek 'n groot verbeelding gehad en gedagdroom oor alles in die lewe. Dit is wat vir my so 'n kreatiewe brein gegee het. Ek hou daarvan om geskiedenis en algemene kennis boeke te lees.

Met my geskiedenisboeke plaas ek myself in die persoon se skoene. Elke oomblik, elke woord en elke leesteken is 'n avontuur. Eers oor Paul Kruger en dan daar ver in Angola met die Bosoorlog. Daar waar seuns manne geword het. Elke bladsy het sy eie persoonlikheid. Die reuk van 'n nuwe boek as jy hom deurblaai is iets wat nie beskryf kan word nie. Dit is so lekker om tussen hierdie bladsye te lees van iemand se lewensverhaal - al die interessante ervarings en lewenslesse. Beroemde mense se verhale is veral lekker om te lees. De la Rey is een so 'n figuur uit die geskiedenis wat my inspireer.

My ore sluit vir die oorverdowende wêreld om my en klap toe soos 'n mossel. En met my boek in my hand verdwyn al my sorge en probleme. In hierdie oomblik van stilte maak niks of niemand saak nie. Ek kan vir ure, selfs dae, sit en boek lees. Dan is ek op my gelukkigste. Maar wees gewaarsku. As ek jou vang aan my boeke raak, dit skeur of koffie daarop mors, dan gaan daar glad nie meer stilte wees nie.

Boeklees is nie juis iets wat algemeen is onder tieners nie. Daarom is ek die stil outjie in die klas. Die eenkant outjie. Die alleen outjie. My gedagtes en my boeke hou my geselskap. Maar om 'n stil persoon te wees het ook sy voordele. Ek fokus baie meer op die klein goedjies in die lewe wat ander mense miskyk. Ek hou introspeksie en leer myself en die lewe ken.

Die wêreld is so vol geraas dat 'n mens nie jou eie gedagtes kan hoor nie. Maar in my boeke vind ek daardie stilte waarna so baie mense smag – 'n stilte wat ek nooit sal verruil nie.

# Anja Wheeler skryf oor hul laaste vakansie in Botswana



Met toestemming van Anja Wheeler (gr. 12) word hierdie roerende opstel van haar geplaas wat sy in die rekordeksamen geskryf het. Haar pa, mnr. Thomas Wheeler ('n oud-Middie) is op 6 Julie 2023 tydens 'n familievakansie in Botswana oorlede. In hierdie opstel gee Anja uiting aan haar gevoelens.

**'n Reis om te onthou.**

'n Reis om te onthou … die reis tussen gister en vandag.

Ek onthou die reuk van die reis van gister soos die reuk van naderende reën. 'n Reuk wat hoop bring met elke druppel water wat op die aarde neerplons. Die reis van vandag ruik soos stof en rook; 'n reuk van pyn en dood. Vandag hang daar 'n reuk van ontevredenheid en 'n diep verlange na die reis van gister.

Ek proe die verskil tussen die reis van gister en die reis van vandag. Die reis van gister proe soos Ouma se botterkoek ná 'n lang dag by die skool of Sondag ná kerk. Vandag proe die reis bitter, hartseer en verlate. As ek tog net tyd kon terugdraai na die reis van gister, sou ek soveel dinge anders doen.

Gister is 'n reis wat ek wil onthou. As ek my oë toemaak, sien ek hoe die groot olifante water uit die Okavango-delta drink. Ek sien die vriendelike mense wat langs die pad groet soos die karre verbyry. Ek sien my pa se glimlag wanneer hy by die venster uitkyk en Botswana se natuurskoon bewonder. Ek voel die vreugde van familie en vriende, soos ons almal om 'n tafel sit. Ek sien die vreugde in my ma se hart en die glimlag wat altyd op haar gesig was.

Vandag se reis is 'n gejaag en gestoei. Daar is nie meer tyd om by die venster uit te staar na die natuurskoon nie. Vandag voel ek asof ek die enigste een is wat onthou van gister se reis. Vandag sien ek slegs die vrees in my pa se oë soos hy sy laaste asem uitblaas. Gister het ek al die goeie dinge gehad en raakgesien, en vandag is dit alles weg - half asof die goeie herinneringe van my af weggeneem of gesteel is. Tussen die reis van gister en vandag lyk, ruik en proe alles anders. Gister kon jy nog die hoop ruik, die vreugde proe en die goeie om jou sien. Op vandag se reis het ek 'n diep verlange na die goeie dinge van gister se reis.

Almal mag dalk vergeet van die reis in Botswana – die reis van gister. Ek sal dit altyd onthou en my hele lewe lank daarna verlang. Die reis van gister sal altyd 'n plek diep in my hart hê. Die reis van gister ... 'n reis om te onthou.

# "High School is Killing Me!" sorg vir kultuurhoogtepunt

**Abigail Cullen**

Die Eeufeesraaisel was MHS se laaste blyspel-produksie in 2018. Hierdie jaar het mev. Anita Odendaal die reusetaak aangepak om weer 'n blyspel op die planke te bring - High School is killing me! Hierdie energieke en kleurvolle produksie het die perfekte balans gehad tussen uitmuntende drama, ongelooflike sang, fantastiese dans en skerp humorsin.

Wat hierdie jaar se produksie só uniek gemaak het, was die ware spangees van graad 8 tot matriek. Almal het deelgeneem. Selfs ons rugby- en hokkiespelers – Henog, Hugh en vele ander – het die oefenveld verruil vir die kollig.

Die standaard was só hoog dat die Artistatue Kunstefees spesiaal 'n paneel van beoordelaars gestuur het, en die Blyspel 'n welverdiende A++ gekry het.

Ons 2025-hoofdogter, Ulindi de Kock, betower die gehoor met haar briljante vertolking van Lucy en laat almal saam lag en saam droom. Die streng Miss Mulberry, vertolk deur Abigail Cullen, laat selfs juffrou Christa le Roux na 'n heel rustige juffrou lyk! Ons pragtige blondie, Lente Steenkamp, laat ons nou nog glimlag met haar rol as Lisa met haar pittige sêgoed en sprankelende humor!

'n Hoogtepunt was beslis ons eie Robbie Wessels … oeps! Ek bedoel Reinhardt Voges. Met sy Leeuloop laat hy die gehoor behoorlik skaterlag – en só dra elke hoof- en medekarakter, dansers en sangers by tot 'n ware kultuurfees op die verhoog.

Hierdie produksie sou nooit moontlik wees sonder die ongelooflike span agter die skerms nie. Baie dankie aan juffrou Anita Odendaal, die dryfkrag agter 2025 se Blyspel. 'n Groot dankie aan elke ander juffrou vir menigte ure se harde werk agter die skerms. En natuurlik – die backstage-leerlinge. Van kostuums en beligting tot rekwisiete en vinnige veranderings – sonder julle sou die kollig nooit so helder geskyn het nie.

Die gala-aand was definitief die hoogtepunt met die gehoor wat 'n staande ovasie gegee het soos die gordyn sak. Dit is 'n aand wat nog vir jare in Middies se kultuurgeskiedenis sal voortleef.



*Die volgende leerders het hoofrolle vertolk met die Blyspel. Voor: Banele Motse en Justin Luus. Eerste ry: Ulindi de Kock, Lente Steenkamp en Rummanah Bico. Tweede ry: Nokubonga Sibanyoni en Bontle Mpaila. Derde ry: Tatenda Mandude, Miguel Fernandez, Blessing Sempo, Hugh Pretorius en Henog J.v.Vuuren.*

# A night of music and magic with DROOMSINDROOM

**Abigail Cullen**

The MiddiesMelodi choir and MHS Top 10 Cultural students recently shared the stage with the incredible Droomsindroom – and what an unforgettable evening it was!

Die saal was op hulle voete toe die koor saam met die bekende sangers van Droomsindroom, Kirsten Richard en Kyle Joshua, hulle gewilde treffer, "Hey Sonneblom" gesing het. Almal – van leerders tot ouers en onderwysers – het opgestaan en saamgesing. Die atmosfeer was gevul met opwinding, vol glimlagte, dansende voete en ritmiese hande wat saamgeklap het – 'n ware fees van sang, talent en trots!

Die aand is met flair gelei deur ons onderhoofseun van kultuur, Miquel Fernandez, wat as seremoniemeester die gehoor laat lag het met sy kwinkslae en sprankelende persoonlikheid.

During this sparkling event, the Top 10 Culture Award learners – MIDDIES EREGALERY – were honoured for their hard work, dedication, and outstanding contributions to Middelburg High School's cultural achievements.

Daar is ook Oscar-toekennings oorhandig tydens hierdie glansgeleentheid.

EREGALERY 2025 with DROOMSINDROOM was truly an evening of music, sparkle, and Middies pride – a night that captured the heart and spirit of the entire MHS family. When Middies come together, we shine brighter than ever
































# SA spiesgooi-kampioen in ons midde

**Marli Jacobs**



2025 se atletiekseisoen het met 'n klapskoot afgeskop – letterlik én figuurlik. Reeds tydens die Interhuis het die gees hoog geloop, en atlete het gewys dat hulle nie hier is om sommer net deel te neem nie. Elke item is gekenmerk deur 'n gees van vasbyt, spanwerk en 'n gesonde dosis kompetisie.

Deur die seisoen het ons atlete aan verskeie byeenkomste deelgeneem en oral uitmuntend presteer. Elke naweek het nuwe rekords, medaljes en trots gebring. Die hoogtepunt van die jaar was beslis toe die jaarlikse Interhoër van 2025 op ons eie gronde aangebied is – en wat 'n feesdag was dit nie! Die gees, die juigende toeskouers, die klap van die geweer – dit was atletiek op sy beste.

Uit die Interhoër het 'n groep atlete uitgestaan. Jessica de Witt, Bonga Tau, Thelma Moloi en Kefilwe Phamotse is gekies om aan die ASA-kampioenskappe in Maart deel te neem.

Jessica het met haar spies 'n eerste plek by die ASA-kampioenskappe losgegooi met 'n afstand van 44.37 m. Sy het ook die ongelooflike kans gekry om saam met afrigter Terseus Liebenberg te oefen. Hy is die Olimpiese silwermedaljewenner, Jo-Ane van Dyk, se afrigter. Dis nie elke dag dat 'n jong atleet só 'n geleentheid kry nie!

Maar Jessica was nie alleen in haar glorie nie. Nog talentvolle sterre het ook hulle plek in die SA-kampioenskappe verdien, waaronder Vinelle Kaufman, Bonga Tau, Lefa Lebelo, Megan Kruger, Ntando Zulu en Kefilwe Phamotse. En asof dit nie genoeg is nie, het Jessica in Mei 2025 'n indrukwekkende 59ste plek op die wêreldranglys vir dames onder 18 behaal – 'n mylpaal wat wys hoe ver deursettingsvermoë jou kan neem.

Hier word nie stilgesit nie: oefeninge vir die 2026-seisoen is al in volle swang. Want soos almal weet – hier neem ons nie net deel nie, hier breek ons rekords, wen ons harte en wys ons dat wen nie alles is nie … dis die enigste.



*Jessica de Wit behaal 'n eerste plek by die ASA-kampioenskappe in die afdeling spiesgooi dogters o.15.*







# Marco de Wet skiet eerste plek los by SA's

**Maria Zietsman**



Skietsport is 'n opwindende, maar ook uitdagende vaardigheid om aan te leer, en Middelburg Hoërskool se skuts vrees beslis nie 'n uitdaging nie.

Aan die begin van die seisoen het hierdie skuts reeds opgewarm vir 'n jaar van strawwe kompetisie. Hulle het deelgeneem aan Prysskiet 1, wat hulle voorberei het vir die res van die jaar.

Sharijah Goodchild het uitgestaan deur vir die SANSSU Nasionale Top 80-proewe gekeur te word. Sy is gekies vir die Nasionale BJI-toerspan en het in Engeland aan die internasionale kompetisie deelgeneem, waar sy 'n bronsmedalje verower het – 'n uitsonderlike prestasie.

Die MHS-skietspan het deurgaans bewys dat hulle konstant verbeter en groei in hulle sport. Tydens Prysskiet 6 van die Nkangala-streek, wat in Groblersdal plaasgevind het, het nege van die 34 skuts hulle persoonlike beste prestasies behaal – 'n merkwaardige prestasie wat hulle toewyding en dissipline bevestig.

By die Mpumalanga-finaal is verskeie leerders gekies vir die SA-kampioenskap wat in Limpopo plaasgevind het. In die afdeling vir gewere is dit Sharijah Goodchild, Annabelle Davel, Deane Kruger, Luané Janse van Rensburg, Anika Roodt en Terblanche Botes. In die pistoolafdeling is dit Marco de Wet, Jayden Phillips, Zahraa Kotha, Juwandré van der Sandt en Drikus de Wet. Terwyl baie leerders in die September-vakansie gerus het, het hierdie toegewyde skuts hard gewerk en indrukwekkende uitslae behaal by die SA's.

In die o.16A-span het Drikus de Wet en Zahraa Khota 'n bronsmedalje verower in die wenspan-vrystaande afdeling, asook silwer in die algehele wenspan provinsie. Jayden Phillips en Juwandré van der Sandt het albei brons gewen in die pistool o.21B-afdeling.

Sharijah Goodchild en Marco de Wet is gekies as kapteins van die Mpumalanga-span en het hulle leierseienskappe duidelik bewys deur uitstaande vertonings te lewer. Sharijah het in die o.21A Sporterklas-wenspan sowel as in die algehele provinsie silwer verwerf. Marco het ook silwer gewen in die algehele wenspan provinsie, en verder goud in die algehele pistoolskut-afdeling én sy o.21-pistoolkategorie.

In die Top 8 Pistoolfinaal het Marco de Wet en Jayden Phillips skitterende uitslae onder druk behaal. Marco het eerste plek in die land ingeneem en Jayden 'n tweede plek in die o.21B-afdeling.

Tydens die SA's het die volgende leerders hulle persoonlike beste prestasies gelewer: Dean Kruger, Luané Janse van Rensburg, Anika Roodt en Terblanche Botes (geweerafdeling). In die pistoolafdeling is dit Marco de Wet, Jayden Phillips en Juwandré van der Sandt.

Gedurende 2025 het die MHS-skietspan weer eens bewys dat hulle ongelooflik vaardig, vasberade en trots is in hulle sport. Hierdie leerders het beslis hulle teikens getref.



*Marco de Wet.*

# E-Sports leveling up in 2025

**Abigail Brandmuller**



From clutch plays to game-winning strategies, the Middies E-Sports team showed that 2025 was all about precision, teamwork, and pure passion for gaming.

In Term 1, ten Middies battled it out on the Fortnite battlegrounds against over 400 players. Five of them smashed the 1000 Elo mark, led by JD Lourens (1142) and Leard Spires (1048) – a truly standout performance in such fierce competition!

On the Valorant stage, the team stormed through their pool to finish 3rd, taking down Hoërskool Linden and Hoërskool Oos-Moot with an impressive average Elo of 900. Top scorer, Lu-Hané Kruger, led the charge, closely followed by Vice-Captain TJ Kriel and Captain Michaela Buhr. The dynamic lineup – Michaela Buhr, TJ Kriel, Roelf Jeandré van Rooyen, Lu-Hané Kruger, Dayne du Plessis, and Xavier de Beer – proved they had skill, strategy, and determination.

Looking ahead, the Middies are ready to expand into MSSA alongside ACGL next year. One thing is clear – the game is on, and MHS is playing to win.

# Middies swim team makes waves in 2025

**Catherine O'Grady**



Swimming at Middies is managed and organized by Mrs. Sarah-Jane Visagie. The 2025 swim captains were Annebelle Davel and Jarred Visagie.

The season consisted of four galas — two held in February and two in October — where Middies competed against HTS Middelburg and Secunda High School in the Nkangala Region Swim Meets.

In February, a time-trial gala was held to select swimmers for the Mpumalanga team based on their qualifying times. The selected swimmers represented the province at the SA Schools Gala from 4 to 7 April in Bloemfontein, where top swimmers from across South Africa competed.

The following Middies were chosen for the Mpumalanga team: Connor de Villiers, Joshua Boyd, Catherine O'Grady, and Ted Kalunga — an excellent achievement for the school.

The season concluded with the Top Schools Gala in Nelspruit in late October. Competing against strong schools such as Nelspruit Hoërskool, Penryn, Rob Ferreira, and Uplands brought out the best in every swimmer. The energy and team spirit reached new heights, especially during the relay events.



*Simo Dlamini.*




*Jordan Geldenhuys.*

# Suksesvolle seisoen vir MHS se gholfers

**Abigail Cullen**

2025 se gholfseisoen skop af met die begin van die Nkangala-liga. Middies het die volgende spanne wat deelneem: Meisies A-span, Seuns A-span en B1 en B2-seunsspanne. Die hoogtepunt is natuurlik die jaarlikse Derby teen HTS Middelburg waar Middies koning kraai uit drie van die vier wedstryde.

Wat die Nkangala-liga betref, wen MHS se seuns A-span, seuns B1-span en meisies A-span hulle onderskeie ligas. In die Mpumalanga-finaal presteer die meisies A-span die beste en verower 'n silwer medalje.

Deel van die gholfers se "sogenaamde" gholfverpligtinge is om op Koro Creek aan die NWU-reeks deel te neem. Vier dae se gholf in skooltyd – dít is mos die lewe!

So gaan toer Middies se gholfers op die Hoëveld gedurende die Junie-vakansie. Wat 'n belewenis! Hulle speel op Belfast, Lydenburg, Akabeko en Highland Gate – vir baie van die gholfers is laasgenoemde 'n eerste! Daar word gholf gespeel en SJ Oelofse het besluit om ook vis te vang terwyl die ander net toekyk. Gedurende die toer word daar onderling 'n kompetisie gehou tussen die gholfers, maar op die ou einde wen kameraadskap en oorheers 'n uitbundige gees! Tannie Tersia Venter kan daarvan getuig met die doef-doef in die bussie en mnr. Hennie begroot beslis volgende jaar vir oorpluisies. So 'n toer verg baie beplanning – dankie aan al die volwassenes wat saam getoer het en dit moontlik gemaak het.

Die volgende gholfers se prestasie verdien vermelding: Duncan du Toit is ingesluit in die o.19- Mpumalanga Gholfspan, waar hy Mpumalanga gaan verteenwoordig in die Gholf RSA-toernooi gedurende die Desember-vakansie. Morgan van der Westhuizen, Monique van der Westhuizen en Bella Denysschen het Mpumalanga verteenwoordig tydens die meisies IPT in Orkney.



*MHS se seuns en dogters eerstespanne. Duncan du Toit, Monique van der Westhuizen, Michael Munnick, Bella Denysschen, Brendan van den Heever, mnr. Hennie Venter (afrigter), Abigail Cullen, Wian de Bruin, Morgan van der Westhuizen (kaptein) en Janco Oosthuizen (kaptein).*

# Not just chess … Middies play to outthink



**Abigail Brandmuller**

In a game where every move counts, the MHS chess team demonstrated that focus and intellect can be just as thrilling as any sport.

The season kicked off with dominance at Chess Quest, where the Junior A and First teams claimed 1st place, while Junior B and Senior B earned 2nd. This early success set the tone for an outstanding year of competition.

At the Derby, the Middies' minds stayed sharp, securing sweeping victories for Junior A, Junior B, and the First team, with only Senior B narrowly missing out. The Royal Rumble followed, where the Junior A team triumphed with an astonishing 19.5 points, while Junior B and the First team finished in 2nd place.

The year closed with a strong performance at the Nkangala Chess Tournament, where Junior A finished 4th against fierce regional competition.

Each game told a story of patience, precision, and strategy — proving that at Hoërskool Middelburg, Middies don't just play chess … they play to outthink.



*Henog Jansen van Vuuren, Jonathan Venter, Derik de Klerk, me. Mariana Rossouw (afrigter), John Kom, Declan Brouwer en Bontle Mapaila*

# Middies squash rises to the challenge



**Tyla Longueira**

The Middies squash season kicked off in style with the Mpumalanga Schools' Squash Interhigh on 7 February, hosted by Hoërskool Nelspruit and played across the White River, Uplands, and Nelspruit courts. MHS faced tough competition from Nelspruit, Uplands, HTS Witbank, HTS Middelburg, Secunda, and a home-schools team.

Our 1st team girls dominated the courts, claiming the Interhigh title, while the Girls' B-team finished a strong 4th in the A-division. Both the 1st and B-team boys ended as runners-up in their respective divisions.

In April, our all-boys team took part in the thrilling NWU Pukke School Series Tournament in Potchefstroom, competing against top schools such as Menlopark, Waterkloof, and Transvalia. After three intense days of play, MHS improved on last year's performance, moving up from 7th to 5th place overall.

At the Mpumalanga Squash Championships in Nelspruit, Tyla Longueira secured 2nd place and Simoné Mostert 3rd in the U19 division. Both players, along with Marco van der Spuy, Milan Otto, and Jenke Bezuidenhout, were selected for the Mpumalanga Junior Squash Team that represented the province at the SA Country Schools Festival in Bloemfontein. Tyla and Marco were also chosen as non-travelling reserves for the SA Country Districts team at the IPTs in Cape Town.

The second term brought the excitement of the squash league, with the annual Derby on 13 May as a highlight. The girls' 1st team cruised to a 6–0 victory over HTS Middelburg, while the boys' B-team won 4–1. The 1st team boys put up a good fight but lost 1–4.

League Results: 1st Team Girls – League Winners.1st Team Boys – Runners-up. B-Team Boys – Runners-up

The season ended on a high note with a fun outing to Gold Reef City. A heartfelt thank you to our coaches, Ma'am Ruth and Jakes Lombard, for their dedication throughout the year. To our matric squash players – best of luck in your next chapter!



*MHS se seuns en dogters eerstespanne. Agter: Lucah Müseler, Zac Johnson en Peter-Hugh Rowan. Middel: Melani Weber, Tyla Longueira (kaptein), Rachel Henriques, Ruth Benadie (afrigter), Simoné Mostert en Liné Coetzee. Voor: Milan Otto en Marco van der Spuy (kaptein).*

# Majorettes excel at Nationals

**Marli Jacobs**



The majorettes of Hoërskool Middelburg have reached impressive new heights this season with a series of achievements that filled the school community with pride. In July they competed at the National Championships, following their qualification earlier this year.

At the Mpumalanga Championships, the Middies truly dominated. They were crowned Mpumalanga champions and swept the board with the following first-place results: 1st Nonprop Pom Group, 1st Flag Group, 1st Leader, 1st Subleader, 1st Squad, 1st Display Elements and 1st Team Overall.

Adding to these outstanding accomplishments, the following majorettes earned provincial colours for their exceptional talent and dedication:

Cute Vilakazi, Sophia Swartz, Rofhiwa Baloyi, and Letago Tshehla.

At the National Championships, held in Oudtshoorn from 6–12 July, the team delivered solid results, finishing 10th out of 16 teams in their league and 20th overall in South Africa – a performance that reflects their growth, teamwork, and determination.


With discipline, passion, and true Middie spirit, the majorettes have showcased excellence at every level of competition. Congratulations to the entire team on a remarkable season!



*Voor van links na regs: Gabriela Alho, Tshiamo Moetanalo, Ntokozo Mashinini, Gomolemo Phiri (onderkaptein), Lerato Mathelele (kaptein), Micaylen Cloete, Ashton-leigh Wood, Cute Vilakazi, Simthokozele Lukhozi. Agter van links na regs: Jaqueline van Loggerenberg (afrigter), Dimpho Mpe, Geraldine Swarts, Letago Tshehla, Amukelani Manabe, Aaliya Crafford, Sophia Swartz, Tarsja Gutt, Cassidy Bosch, Gabriella Mostert en Mahlatse Maseko (afrigter).*

# 7's rugby op die wenpad

**Henog Jansen van Vuuren**



Middelburg Hoërskool se sewes-rugbyspanne het die afgelope seisoen indrukwekkende prestasies gelewer. Hul uitmuntende spel, spanwerk en toewyding het bewys dat dissipline en trots vir die skool groot sukses kan oplewer.

By die Heidelberg 7's-toernooi het die o.17-span hulle eerste wedstryd teen Noordheuwel verloor, maar het vasberaden teruggeveg en al die oorblywende wedstryde gewen. Hulle het uiteindelik in die Plaat-finaal teen Jeppe met 'n naelbyt telling van 29–28 as wenners uit die stryd getree. Die o.15-span het ook uitstekend gevaar en al hulle wedstryde gewen, totdat hulle in die halfeindronde deur Helpmekaar uitgeskakel is.

Tydens die Mpumalanga-kampioenskappe by Hoogenhout het die o.17 A-span al hulle wedstryde gewen tot in die eindstryd, waar hulle teen Ligbron met 21–7 verloor het. Die B-span het negende geëindig en is aangewys as die beste B-span in Mpumalanga – 'n prestasie waarop die skool trots kan wees.

By die Steelcrest 7's-toernooi was beide die o.17 A-span en o.15 A-span onoorwonne en het die beker huis toe gebring. Die o.15 B-span het in die B-afdeling geseëvier.

Daar is ook groot rede vir trots, aangesien KG Masilela en Kgotso Peta vir die o.17 Pumas-provinsiale span gekies is – 'n besonderse eer vir beide spelers en die skool.

Middelburg Hoërskool se sewes-rugbyspanne het duidelik gewys dat harde werk, vasberadenheid en spangees vrugte afwerp.



*KG Maselela en Kgotso Peta is vir die Pumas provinsiale span gekies.*

# Dogters eindig 1ste by Sun City Wilson Tennis Cup

**Maria Zietsman**



Middelburg Hoërskool se tennisspelers het gedurende 2025 weer eens gewys dat harde werk en toewyding vrugte afwerp. Die jaar was vol hoogtepunte – van toernooi-oorwinnings tot provinsiale verteenwoordiging.

Tydens die Sun City Wilson Tennis Cup, wat van 10 tot 13 Oktober plaasgevind het, het MHS se meisiespan uitstekende spel getoon en die finaal teen Zwartkop gewen. Hulle is dus met trots as toernooiwenners gekroon. Die seunspan het ook sterk vertonings gelewer en vyfde geëindig.

Verskeie spelers het uitgestaan deur al hulle enkelswedstryde te wen, naamlik: Riani Potgieter, Londiwe Maseko en Kaleb Victor.

By die Hoëveld EHS Tennistoernooi het Middelburg Hoërskool uitstekend presteer deur tweede te eindig.

In die liga het die seunspanne voortgebou op hulle sukses. Die eerste seunspan was ligawenners en het daarna 'n sterk derde plek in Mpumalanga behaal. Die vierde seunspan het nóg beter gevaar deur nie net ligawenners te wees nie, maar ook as Mpumalanga-wenners uit die stryd te tree.

Verskeie Middies het ook die eer gekry om in die Westelike Mpumalanga-span opgeneem te word. Hulle het van 22 tot 24 Augustus aan die kampioenskappe deelgeneem:

o.15-span: Naas Boshoff, Londiwe Maseko, Kaleb Victor, Ebeth Botha, Eckhardt Petrick en Device Makhubedu.

o.19-span: Jua Salim en Siphesihle Maphalala.

Verder het Angel Makhubedu en Siphesihle Maphalala reeds in Januarie Mpumalanga verteenwoordig by die Interprovinsiale Toernooi (Interpro) – 'n besonderse prestasie vir beide spelers.

Vroeër in die jaar het die tennisspanne deelgeneem aan die NWU-sportreeks. Die juniorspan het sesde geëindig, terwyl die seniorspan agtste plek behaal het. Algeheel het MHS sewende geëindig.

Middelburg Hoërskool is ongelooflik trots op al sy tennisspelers wat die skool se naam met soveel trots en sportmanskap uitdra.



*Naas Boshoff, Riani Potgieter, Zubair Desai, Londiwe Maseko, mnr. Jaco van Rooyen (afrigter), me. Annika Prinsloo (afrigter), Angel Makhubedu (kaptein), Josh Fourie (kaptein), Jua Salim en Kaleb Victor.*

# Middies eindig sterk in bergfietsreeks



**RJ Ruthven**

Middies se bergfietsryers het die jaar met uitstekende uitslae in die NWU Skolesportreeks en TWK Bergfiets Skolereeks afgesluit. Die span se konstante verbetering was duidelik sigbaar deur die loop van die jaar.

In die NWU Skolesportreeks het Middies se senior seuns 7de geëindig met 'n totaal van 8 punte. Die spanlede was RJ Ruthven (20ste), De Wet Beyers (28ste), Daniël Cronjé (34ste) en Herman Grobler (41ste).

Die junior seuns het uitmuntende resultate behaal en 2de geëindig met 'n totaal van 63 punte. Francois Oosthuizen het met 'n 2de plek die span aangevoer, gevolg deur Sion Smit (4de), Ray Fourie (13de) en Henning Joubert (19de).

Die junior dogters het ook sterk vertoon en 4de geëindig. Heylie Botes (15de), Stephné Botes (17de), Arlie Boshoff (22ste) en Simoné Smit (26ste) het 22 punte aangeteken.

Gesamentlik het Middies se juniors 3de geëindig, terwyl die skool algeheel 6de in die reeks geëindig het - 'n prestasie wat die span in slegs twee jaar bereik het.

In die TWK Bergfiets Skolereeks het Middies vanjaar 6de uit 18 skole in Mpumalanga geëindig, wat 'n verbetering van drie plekke teenoor 2024 is.

Onder die subjunior dogters o.14 het Stephné Botes (4de), Heylie Botes (5de) en Simoné Smit (7de) uitstekende posisies behaal. Die jeug seuns o.15 het 'n besonder sterk groep gevorm met Francois Oosthuizen (7de), Sion Smit (8ste), Henning Joubert (9de) en Ray Fourie (10de) - almal in die top tien.

Herman Grobler (12de, o.16), Daniël Cronjé (20ste, o.17) en RJ Ruthven (8ste, o.18) het ook hul bydraes gelewer met konsekwente vertonings deur die seisoen.


Verskeie ryers het hul posisies merkbaar verbeter teenoor verlede jaar: Francois Oosthuizen met vier plekke, Ray Fourie met twee, Herman Grobler met sewe, en RJ Ruthven met twee.

Met hierdie goeie uitslae is dit duidelik - Middies se bergfietsprogram is op 'n stewige opwaartse roete, en 2026 beloof om nóg groter hoogtes te bereik.



***Agter:** Henning Joubert, Ray Fourie, Daniël Cronjé, Sion Smit, Herman Grobler, RJ Ruthven en Francois Oosthuizen. **Voor:** Francois Fouché, Stephan Labuschagne, Terblanche Botes, Stephné Botes, Simoné Smit en Heylie Botes.*













# MHS are the undisputed cricket kings and queens of Mpumalanga



**Hamzah Loonat**

Middelburg Hoërskool has cemented its status as a cricketing powerhouse, reigning supreme across both the boys and girls leagues in the Mpumalanga province. Based on their phenomenal achievements, the school has set a new benchmark for excellence in high school cricket, boasting a culture that breeds champions and provincial stars.

The overall results highlight an institution with unparalleled commitment to the sport. With 10 teams competing in the Mpumalanga League, Middelburg Hoërskool celebrated an astonishing seven Mpumalanga winners' titles, alongside a runner-up and a third-place finish. Furthermore, five teams in the Weekly League were crowned Nkangala winners, demonstrating total dominance in their local district.

The consistent success is reflected across all age groups.

U14A Boys: Secured an impressive double victory, earning both the League winners and Mpumalanga Winners titles.

U14B Boys: Crowned as the League Winners.

U15A Boys: Matched their younger peers with a double victory, winning both the League Winners and Mpumalanga Winners titles.

U15B Boys: Were League Winners and placed third in Mpumalanga in the Weekly League as well as being crowned the Mpumalanga Winners of the Weekend League.

The Third Team were the League Winners as well as the Mpumalanga runners-up.

The ultimate testament to the Middies' elite status is their recent performance in the premier short-format competition, the SA20 Schools Tournament.

The 1st Team boys have achieved something spectacular, securing the Switch Schools SA20 trophy for the second consecutive time, as well as being the Mpumalanga League Winners just a couple of weeks before.

In the SA20 final, Middies chased down a competitive total from Hoërskool Nelspruit, with contributions from players like Herman Potgieter and Eduan Strydom leading to a comprehensive seven-wicket win.

Players like Hendré Nel and Herman Potgieter have been instrumental in their T20 success, often combining high-impact batting with tight bowling to secure crucial semi-final and final wins.

The team's incomparable talent, which includes players like Zubair Desai, Gavin Genis and Frederick Boshoff, has made a huge contribution to the victories earned.


But it isn't only about the boys. The Middies Girls cricket team has not just participated, but dominated, achieving the Mpumalanga Winners and SA20 Mpumalanga Winners titles. This remarkable achievement places the school at the forefront of girls' cricket development in the province, allowing them to let their talents and hard work shine.

The school's success on the field is linked to its ability to develop individual talent. Below are the following players who earned provincial colours:

PJ van der Merwe (U15A), Wijnand Millard (U15A), Lerou Matshe (U15A), Frederik Boshoff (U16A), Daryl Chirumetsikwa (U16A), Hendré Nel (U17A), Gavin Genis (U19A) and Eduan Strydom (U19A).

These young athletes embody the true #MIDDIEGUTS spirit and values that have defined MHS since its founding in 1918.

They form the backbone of a high-performance programme, ensuring a continuous pipeline of talent that keeps Middelburg Hoërskool at the pinnacle of Mpumalanga school cricket, year after year.







***Die 1ste seunskrieketspan. Agter: Zubair Desai, Hendré Nel, Herman Potgieter (kaptein), Christian Jansen, Eduan Strydom, Shaun Neethling (afrigter), Waldo Prinsloo (afrigter), Gavin Genis en Colin v Staden (afrigter). Voor: Dewet Botha, Fredrik Boshoff, Lohan Botha, JP de Jager, JP Nel en PJ Richter.***



***Die dogterskrieketspan. Voor: Lesego Sekgwele, Mia van der Merwe, Ashley Barnard (Kaptein), Michayla Hayton (o/kaptein) en Patricia Mhlanga. Agter: Aaliah Bhoola, Bie van der Merwe, Anelle Swanepoel, me. Alti Nel (Afrigter), Abigail Esterhuizen (spanbestuurder), Lichanté van Zyl, Alicia Olivier, Elsabe de Klerk, Jessica de Witt en Zoë Tacoulas.***

# MHS-seunshokkie: 'n Tradisie van uitnemendheid




**Hugh Pretorius**

MHS vier hierdie jaar 25 jaar van uitmuntende seunshokkie. Dit het begin as 'n raap-en-skraap-spannetjie wat in 'n "mesh"-hemp gespeel het, tot by die 2025-span wat professioneel en trots gelyk het in die "old school"-ontwerp van mnr. Janco Swart.

Seunshokkie by MHS is gebou op tradisie, en net soos mens nie uit jou eie huis praat nie, word daar verseker ook nie uit die spankamer gepraat nie. Een van die tradisies wat ons graag deel, is die nommersisteem. Elke speler wat al ooit vir Middies se eerstespan gespeel het, het sy unieke nommer, en elke jaar word daar voortgebou op die lys. Ons afrigter, mnr. Janco, is nommer 53, en hierdie jaar trek ons al by nommer 251. Daar was dus al 251 trotse lede van ons span in 25 jaar. Die Old Boys speel ook 'n belangrike rol deur betrokke te wees by fondsinsamelings en wedstryde.

Die hoogtepunt vir ons eerstespan was om as NWU-wenners gekroon te word. Ons o.16-span het saam met die eerstespan derde in Mpumalanga geëindig, en in Noordvaal A 'n tweede plek behaal. Ons o.14-span het vierde in Mpumalanga geëindig en in Noordvaal B as wenners uit die stryd getree.

Seunshokkie by MHS groei van krag tot krag, en ons sien met opgewondenheid uit na wat die toekoms inhou.



*Middelburg Hoërskool se 1ste seunshokkiespan. Agter: Mnr. Janco Swart (afrigter), Duncan du Toit, Logan den Bakker, Gavin Genis, Gerhard Hattingh, Henru de Beer, Hugh Pretorius, Wijon Erasmus en mnr. Coena Swart (spanbestuurder). Middel: Stephan Strydom, Zuan Schoeman, Ruan du Plessis, Xavier de Beer, Luis Ferreira en De Wet Beyers. Voor: Jethro Schmidt (kaptein), Sebastien Senekal en Benjamin Nel (onderkaptein).*

# Puik prestasies vir binnehuishokkie



**Sanesca Swanepoel**


Middelburg Hoërskool het hulle naam laat geld by *The Hockey Farm* se binnehuistoernooi, wat van 25 Augustus tot 29 September plaasgevind het.

Die skool het met vier spanne aan die toernooi deelgeneem – die o.15- en o.17-meisies- en seunspanne – en op indrukwekkende wyse 15 oorwinnings behaal.

Beide die o.15-meisies- en seunspanne het as wenners uit die stryd getree, terwyl die o.17-meisies ook 'n eerste plek ingepalm het. Die o.17-seuns het sterk teenstand gebied en uiteindelik 'n derde plek verower.


Met 'n gesamentlike totaal van 103 doele het die spanne MHS se trots en gees duidelik uitgebeeld. Die afrigters se toewyding en harde werk is duidelik te sien in die spelers se puik prestasies.

Middelburg Hoërskool sluit hiermee hulle kort, maar suksesvolle, binnehuishokkieseisoen af.









# Medaljes en oorwinnings vir dogtershokkie



**Riemke Swart**


Middies se dogtershokkiespanne het ongelooflike vasberadenheid en talent getoon in drie groot toernooie: die NWU Super 16-reeks, die Mpumalanga-ligauitspeelrondes en die Noordvaal A-toernooi. Van oorwinnings tot medaljeprestasies het die spanne die skool se naam hoog gehou.

In die NWU-reeks het die o.14A-span tot in die finaal gevorder ná 'n indrukwekkende vertoning regdeur die toernooi, maar moes 5–1 teen Waterkloof buig en behaal so 'n uitstekende tweede plek. Die o.14B-span het hulle laaste wedstryd met 4–0 teen EG Jansen gewen en negende plek behaal. Beide die o.15-spanne het hulle finale wedstryde oortuigend gewen. o.15A klop Oos-Moot 3–0 en o.15B wen teen Ben Vorster 4–0, albei vir 'n sewende plek. Die o.16A-span het Ben Vorster 10–0 verslaan en hulle vaardigheid en krag gewys om sewende plek te behaal. Die o.16B-span wen 2–0 teen Nelspruit en verower die derde plek. Die tweede span, die Hommels, het 0–0 gelykop teen Nelspruit gespeel en ook brons verwerf. Die eerste span sluit op 'n hoë noot af met 'n 2–0 oorwinning teen HTS Middelburg en eindig negende.

In die kwartfinaal van die ligawedstryde het die o.14A-span 4–0 teen Piet Retief gewen, o.15A klop Ligbron 3–0, o.16A wen 4–0 teen Penryn en die eerste span wen HTS Middelburg met 4–0. In die halfeindstryde verloor o.14A 0–1 teen Nelspruit, o.15A wen 3–1 teen Piet Retief, o.16A speel 0–0 teen Nelspruit en die eerste span klop Nelspruit in die "8 seconds". In die finale speel o.14A vir derde/vierde plek, terwyl o.15A, o.16A en die eerste span vir die eerste en tweede plek meeding.


By die Noordvaal A-toernooi het die o.15A-span 'n sterk stryd gevoer en eindig sesde na oorwinnings teen Pietersburg en EG Jansen, sowel as naelbytwedstryde teen Noordheuwel, Midstream en Ermelo wat hulle net-net verloor het. Die o.16A-span het gelykopwedstryde teen Eldoraigne en Potch Gim gespeel en Monument 2–0 geklop, wat hulle die tiende plek besorg het. Die eerste span het teen EG Jansen en Helpmekaar gewen, maar verloor in die kwartfinaal teen Potch Gim en eindig vyfde.


Deur al drie toernooie het MHS se spanne vasberadenheid, spanwerk en uitsonderlike vaardigheid getoon. Met verskeie medaljes en top 10-eindposisies is dit duidelik dat Middies-hokkie van krag tot krag gaan.







***Middelburg Hoërskool se 1ste dogtershokkiespan. Agter: Me. Charlé Alberts (afrigter), Michayla Hayton, Kylie Waldeck, Riemke Swart, Karli Engelbrecht (onderkaptein), Diani Jacob, Sanesca Swanepoel, Bokkie Bagagula en me. Alti Nel (hulpafrigter). Middel: Abigail Brandmuller, Johanni Möller, Karla Leemans, Tyla Longueira, Danica Meyer en Danyall Leonard. Voor: Bontle Maseko, Bathobile Masuku (kaptein) en Siphiwe Thwala.***























# Rugby spog met 'n jaar vol hoogtepunte en prestasies

## *MHS spog met oorwinning teen HTS Middelburg, 35 provinsiale spelers en 'n seisoen vol glorie*

**Clara Venter**



Enige volbloed Middelburger sal vir jou sê dat rugby in Middelburg nie rugby is sonder die jaarlikse Derby tussen MHS en HTS Middelburg nie. Dis daardie tyd van die jaar wat die dorp in twee verdeel word. Jou hart klop óf groen óf rooi. Hierdie jaar was nie 'n uitsondering nie en op 17 Mei 2025 het die twee aartsvyande mekaar weer die stryd aangesê. MHS kan spog dat al die A-spanne, asook die o.14B-, o.16B- en o.16C-spanne, as oorwinnaars van die veld gestap het. Die hoogtepunt was natuurlik MHS se eerstespan wat HTS se Rooibulle met 16-11 geklop het.

Middelburg Hoërskool het ook die voorreg gehad om hierdie jaar beide die FNB o.18 Cravenweek en 2025 se Akademieweek van 7-12 Julie 2025 op eie bodem aan te bied. Dit is die tweede keer in die skool se bestaan dat hierdie eer die skool te beurt val. Hierdie geleentheid het die beste van Suid-Afrika se skoolseun-rugbytalent ten toon gestel en Hoërskool Middelburg het hierdie jaar self met 35 provinsiale spelers gespog. Die volgende spelers was tot die onderskeie spanne verkies:

o.18 Cravenweek-span: Matthew Abbey, Katlego Boloyi, Khensani Buthelezi, Roux Grobler, CW Hanekom, Lungelo Maseko, Kaebetswe Nkgadima en Kefilwe Phamotse.

o.18 Akademiespan: Dewald du Toit, Hencoe Janse van Rensburg, Siboniso Mahlangu, Zanempilo Mahlangu, Buhle Mphahlaza en Lesego Rakale.

o.17 A-span: Jeandré Cornelius, Bulelani Mcira en Siyabonga Mokgoatjane.

o.16 Grant Khomo-span: Ryan Blake (Kaptein), Lihan de Vaal, Blake Faber, Jordan Jones, Kgontse Masilela, Lihle Nkadimeng, Khotso Peta, Johan Raulstone, Menzi Siyaya en Ziyanda Xaba.

o.16 Akademiespan: Caelan Chetty, Sinazo Malibe en CJ Serfontein.

o.15 A-span: Dante la Grange, Tshepang Thekwane en Tshepang Thsehla.

o.15 B-span: Lefa Lebelo en Leago Masilela.

Een van Middies se eie, Ryan Blake, is aangewys as die kaptein van die o.16 Grant Khomo-span. Die talent is egter nie net beperk tot die spelers nie, maar Middies kan ook spog met van die beste afrigters in Mpumalanga. Mnre. J.J. Hennop, Coené Nolte, Wandile Shabangu en Neelsie Manuku het die o.18 Cravenweek-span afgerig. Mnr. Bernard Blunden het die o.16 Grant Khomo-span afgerig en mnr. Tiaan Henderson is aangestel as die o.16 Stedelik Spanbestuurder. Middies se eie Menzi Siyaya is gekies vir die o.16 Springbok Elite Spelersontwikkelingspan.



*o.16 A is Noordvaal-wenners. Voor van links na regs: Kamo Masilo, Jayden Abbey, Ryan Blake, Kevin Grobler, Lihan de Vaal, Wihan Strydom, Sinazo Malibe, Aiden Nel, Lihle Nkadimeng, Kgontse (KG) Masilela, Ziyanda Xaba, Jerram Kallunga, mnr. Jakes van der Merwe (Agterspelerafrigter). Agter van links na regs: Mnr. J.J. Hennop (skoolhoof), mnr. Stoof van Dyk (hulpafrigter), mnr. Buks Botha (hoofafrigter), Jano Wilson, CJ Serfontein, Blake Faber, Kgotso Peta, Beast Ndlangamandla, Janré Oosthuizen, Menzi Siyaya, Giovanne Otto, Jordan Jones, Gerbrand Davel, Henroe Colyn, Johan Raulstone, Melchior van Niekerk, Caelyn Chetty, Rodrigo Diniz, mnr. Apie Human (voorspelerafrigter).*

Craven Week 2025 was egter nie net rugby nie, maar 'n belewenis. Besoekers is begroet deur nuut opgegradeerde fasiliteite, pragtige velde, heerlike kos, Groot Skerms, en nog vele meer. Saans, na afloop van die dag se rugby, is besoekers ook vermaak deur gaskunstenaars soos Johan Du Bruto, Vellies, Dromedaris Drum Duo, Marno van der Merwe, Danny Smoke, Appel en Pieter Marcato. Vir dié wat van ietsie anders hou, was daar ses "Punisher Slap Fights" en 'n motorskou. Bekendes in die rugbykringe, soos mnr. Mark Alexander (president van SARU), Rudolf Straueli, Hugo van As, Gunder Williamson, Chaka Willemse, Luan Velthuizen, Oupa Mohoja, en James Stoffberg, het ook deur die loop van die Cravenweek hulle gesigte gewys. Mthunzi Karl Mabeta het met sy kwinkslae en beskrywing van wedstryde geskitter as aankondiger en selfs 'n skepdoel deur die pale laat trek. Middelburg Hoërskool bedank al die borge en persone wat betrokke was om van Cravenweek 2025 'n groot sukses te maak.

Middelburg Hoërskool se rugbyspanne het ook vanjaar deelgeneem aan twee ligas, naamlik: die NWU-Skolesportreeks en die SDC Noordvaal Plaat Afdeling. Die o.14A-span verwerf 'n goue medalje tydens die NWU-Skolesportreeks. Die o.14B verwerf 'n goue medalje tydens die NWU-Skolesportreeks en wen die SDC Noordvaal Plaat Afdeling. Die o.16B-rugbyspan word as die wenners van die SDC Noordvaal Plaat Afdeling aangewys. Die o.16A-rugbyspan verwerf 'n goue medalje tydens die NWU-Skolesportreeks en wen die SDC Noordvaal Plaat Afdeling teen Oos-Moot met 'n telling 24-19. Dit is die derde opeenvolgende jaar wat die o.16A-rugbyspan die Noordvaal-wenners is. Baie geluk aan hierdie span. Middies is ook aangewys as die Noordvaal Plaatafdeling wenners en in 2026 skuif hulle op na die Beker Afdeling. MHS is 31ste gelys op die Fairtree Combined School Rugby-ranglys vir 2025.

2025 was 'n goeie jaar vir MHS-rugby, gevul met baie hoogtepunte en prestasies. Elke speler het hierdie jaar sy beste gegee het en Middelburg Hoërskool se naam op die rugbyveld hoog gehou. Mnr. Christiaan Gouws sluit in 2026 by MHS aan as Hoof van Rugby. Hy was voorheen betrokke by verskeie hoërskole, waaronder Marlow, Oos-Moot, Noordheuwel en Helpmekaar Kollege. By Bethlehem Voortrekker Hoërskool het hy sy span na 'n Wesgrow-titel gelei en die skool na agt uit nege Griffons-ligatitels. Dit voorspel groot dinge vir MHS se 2026 rugby-seisoen.

Stof tot nadenke: Dis makliker om sukses te behaal deur in 'n span saam te werk as om net op die eie ek te fokus. Sterkte vir 2026. Speel hard en droom groot.

